

EASTERN TRANSVAAL DELEGATION TO COMMISSION ON DEMARCATION/DELIMITATION OF STATES/PROVINCES/REGIONS: 1993-10-01**REGIONAL SERVICES COUNCILS (RCS's):**

Gert Gouws	-	Oosvaal Regional Services Council
Paul Broodryk	-	Highveld Regional Services Council
Schalk van Schalkwyk	-	Lowveld Escarpment Regional Services Council

**REGIONAL ECONOMIC DEVELOPMENT FORUM (REDF)/
REGIONAL DEVELOPMENT ADVISORY COMMITTEE (RDAC):**

Bertie Brink	-	Co-chairman, REDF
William Lubisi	-	Chairman, Cosatu E-Tvl
Gravett Herbst	-	Kangwane Economic Development Corporation
Jacques Modipane	-	Deputy Secretary-General, ANC E-Tvl
Bert Bakker	-	Chairman, RDAC Region F
Pieter Rootman	-	Executive Director, RDAC Region F

SENSITIVE AREAS:

Gert Voss	-	Councillor, Witbank
Pieter Rorich	-	Town Secretary, Witbank
Louis Koster	-	Councillor, Middelburg
Willie Fouché	-	Town Clerk, Middelburg
Derek Sutherland	-	Mayor, Pongola
Piet de Clercq	-	Councillor, Devon
André Scholtz	-	Town Clerk, Devon
Gideon de Beer	-	Town Clerk, Sabie
Willie de Beer	-	Town Clerk, Groblersdal
Thinus Greyling	-	Councillor, Groblersdal
Jenny van Zyl	-	Councillor, Volksrust
Petrus Schoeman	-	Councillor, Charlestown
Petrus Motha	-	Mayor, Impumelelo (Devon)

Chairman of Advisory Com.

ADVISOR:

Dr Bertus de Villiers	-	HSRC
-----------------------	---	------

OBSERVER:

Mrs Liz Louw	-	TPA
--------------	---	-----

MOTIVATION FOR THE INCORPORATION OF THE MAGISTERIAL DISTRICT OF
GROBLERSDAL WITH THE EASTERN TRANSVAAL (REGION F)

1. The nutritive source of Groblersdal namely the catchment area of the Olifants River is situated in the Eastern Transvaal and also the Loskop Dam which is situated in the magisterial district of Middelburg.

The irrigation scheme of Groblersdal and Marble Hall is totally dependant on the Loskop Dam and forms a natural cohesian with this area.


2. With the original demarcation which was done in 1975, Groblersdal was already part of the Eastern Transvaal and this demarcation was ratified in 1982.
3. With regard to schools in Groblersdal, all sports competition takes place in the Eastern and South Eastern Transvaal.
4. The following state departments fall under the regional offices in the Eastern Transvaal:-

S.A. Police - Middelburg
Receiver of Revenue - Witbank
S.A. Defence Force - Middelburg
Department of Manpower - Witbank
National Health and Population Development - Nelspruit
Department of Justice - Middelburg
National Education - Middelburg

Transvaal Provincial Administration

Community Development	-	Witbank
Roads	-	Lydenburg
Works	-	Middelburg
Health Services	-	Nelspruit
Nature Conservation	-	Nelspruit
Hospital Services	-	Nelspruit
Ambulance Services	-	RSC Highveld - which is situated in Middelburg

5. Groblersdal and Marble Hall are also under the jurisdiction of the Highveld Regional Services Council, which Council is also situated in the Eastern Transvaal.
6. With regard to organised local authorities, Groblersdal and Marble Hall are also under the jurisdiction of the Association of Eastern and South Eastern Local Authorities.
7. The Highveld Regional Services Council has also recently embarked on a campaign to promote tourism. In this promotion Groblersdal and Marble Hall are being marketed as a entity with all the other towns in the Eastern Transvaal.



INKATHA

Inkatha Freedom Party

IQembu leNkatha Yenkululeko

IFP Regional Office

P.O. Box 1076

BETHAL

2310

21 September 1993

Pongola / Simdlangentsha area :

How does the IFP see the demarcation of regions in the future South Africa ?

I was present at the Durban City Hall on the 14th June 1993, when His Excellency the President of the IFP, Dr M.G. Buthelezi, responded to this question. He said the IFP has no problem with the present nine regions as demarcated by the Development Bank of South Africa.

Personally I support the idea of Pongola / Simdlangentsha area remaining as part of the Eastern Transvaal as it presently is.

This idea has been canvassed with some branches of the IFP in this region and they accepted as such. We would welcome a situation where people of that area both black and white reach a point where they all agree on this issue.

N.L. MKHONZA

IFP REGIONAL ORGANISER

(EASTERN TRANSVAAL)



STADSRAAD VAN WITBANK
TOWN COUNCIL OF WITBANK

PRESIDENTLAAN / AVENUE

0135 [REDACTED]

POSBUS / P.O. BOX 3

WITBANK, TVL.
1035

VERWYS ASSEBLIEF NA / PLEASE REFER TO
ev. M. Kasselman
M.....

Tel : 906 911/
906 216

ALLE BRIEFWISSELING GERIG TE WORD AAN

DIE STADSKLERK

U VERW./YOUR REF.

ALL CORRESPONDENCE TO BE ADDRESSED TO

THE TOWN CLERK

12/1/AD6

ONS VERW./OUR REF.

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN DIE 929ste GEWONE VERGADERING VAN DIE
STADSRAAD VAN WITBANK GEHOU OP 28 SEPTEMBER 1993

A. 237

OOS-TRANSVAALSE GESAMENTLIKE KOÖRDINERENDE SENTRUM

BESLUIT

1. Dat die optrede van die Bestuurskomitee gekondoneer word waarvolgens die Kommissie vir Streeksafbakening meegedeel is dat Witbank Stadsraad die aanbeveling van die Kommissie vir Streeksafbakening ondersteun en gekant is teen die inlywing van Pretoria by Oos-Transvaal en die inlywing van Witbank en Middelburg by Pretoria in 'n afsonderlike streek, en
2. dat prominente politieke leiers na Witbank genooi word en tydens 'n gepaste geleentheid deur die Stadsraad onthaal word.

GESERTIFISEER 'N WARE EN GETROUE AFSKRIF VAN DIE OORSPRONKLIKE TE WEES.

P. J. Kilian

P. J. KILIAN
ASSISTENTSTADSEKRETARIS

KOMMISSIE VIR STREKE/STATE/PROVINSIES

*Huidige opdrag: Die maak van voorstelle oor die
afbakening van streke/state/provinsies*

Oorwegings wat in ag geneem moet word:

- 1 Historiese grense (insluitende provinsiale, landdros- en distriksgrense en infrastrukture)
- 2 Administratiewe oorwegings (insluitende die beskikbaarheid of afwesigheid van infrastrukture en nodale dienstepunte)
- 3 Die rasionalisasie van bestaande strukture (insluitende die TBVC-state, die selfregerende gebiede en streekregerings)
- 4 Die redelike beperking van finansiële en ander koste
- 5 Die beperking van menslike ongerief
- 6 Die beperking van die verbrokkeling van dienste
- 7 Demografiese oorwegings
- 8 Ekonomiese lewensvatbaarheid
- 9 Ontwikkelingspotensiaal
- 10 Kultuur- en taalrealiteite

nr. P.J.G. Rörich

Tel. 906 911/
906 220

2/14/AD6

23 September 1993

Die Voorsitter
Kommissie vir Streeksafbakening
Posbus 307
ISANDO
1600

Faks 011 397 2211

Geagte Meneer


STREEK F : STREEKSAFBAKENING

In opdrag van die Stadsraad van Witbank wens ek u mee te deel dat die Stadsraad van Witbank gekant is teen hetsy die inlywing van Pretoria by die Oos-Transvaalstreek of die inlywing van Witbank en Middelburg by Pretoria in 'n afsonderlike streek.

Hierdie raad ondersteun die bestaande voorstelle ten opsigte van streeksafbakening soos reeds deur die Kommissie afgekondig.

U kennisname word waardeur.

Die uwe


P.J.G. RÖRICH
WAARNEMENDE STADSKLERK

c:75.del/lk

RAADSBESLUIT A.237 GEDATEER 20 SEPTEMBER 1993

P J G Rörich

5 Oktober 1990

Professor I J van der Merwe
Instituut van Kartografiese Analise
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

Geagte Professor,

SEKONDÊRE DORPE/STED


U. brief van 18 September, asook u besoek aan Witbank en Middelburg op 26 September 1990 het betrekking.

*** Ingesluit is 'n gesamentlike memorandum van Witbank en Middelburg, waarby ook aangeheg is 'n afskrif van 'n verslag van die Streeksdiensteraad Hoëveld, soos onderneem.

Aangesien die dokument met betrekking tot ontwikkelingsinligting soos opgestel deur die Ontwikkelingsbank van S.A., ten opsigte van Streek F reeds in u besit is, moet die memorandum beskou word as 'n opsommende antwoord op u vrae, soos gestel in u voormelde skrywe.

Indien enige verdere inligting verlang word, word dit graag op aanvraag verstrekk.

Die uwe



P J G RÖRICH
WAARNEMENDE STADSKLERK

ernie.ab



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH



Instituut vir Kartografiese Analise
Institute for Cartographic Analysis

TEL: 773218/773103

STELLENBOSCH
7600
SUID-AFRIKA / SOUTH AFRICA

VERW./REF.

18 September 1990

Direkteur : SOAK
NELSPRUIT

Geagte Mnr Rootman

Hiermee bevestig ek my afspraak met u op Woensdag 26 September (12h00-18h00). Met die oog op 'n agenda vir laasgenoemde voorsien ek 'n lys van besprekingsvrae waaroor ek graag die vergadering se mening wil hoor. Dit moet teen die agtergrond van my opdrag deur die Departement van Beplanning en Provinsiale Sake gesien word, naamlik om die implikasies van 'n sekondêre stadbenadering vir 'n verstedelikingstrategie vir Suid-Afrika te evalueer:


Suid-Afrika ervaar tans 'n baie oneweredige patroon van verstedeliking. Dit word veral gedemonstreer deur 'n relatiewe oorkonsentrasie by enkele groot metropole, te wete die PWV, Kaapse Skiereiland, Durban-Pinetown en Port Elizabeth-Uitenhage. Daarteenoor, ervaar die meeste ander stedelike kerne en landelike gebiede 'n relatiewe agterstand. Owerheidsbeleid wat probeer het om hierdie tendens aan te spreek, het tot hiertoe op die konsep van groeipuntontwikkeling en nywerheidsdesentralisasie berus. Dit het egter nie die gewenste uitwerking gehad nie en alternatiewe strategieë word nou ondersoek. Die rol wat *sekondêre dorpe/stede* kan speel om enersyds metropolitaanse groei te herkanaliseer en andersyds ontwikkeling ruimtelik meer eweredig te stimuleer, word internasionaal toenemend erken en verdien dus ook oorweging in Suid-Afrika. Sekondêre stede/dorpe beskik oor 'n inherente groeikrag, in teenstelling met groeipunte se kunsmatige stimulerings van buite. By wyse van definisie beklee hierdie sekondêre stedelike

kerne 'n intermediêre posisie tussen die groot metropole en ander dorpe in terme van beide bevolkingsgetalle, ekonomiese aktiwiteite, ruimtelike ligging, ens. Daar bestaan uiteenlopende standpunte met betrekking tot die grootte van sekondêre stede/dorpe, maar 'n orde-grootte tussen 50 000 en 500 000 mense is waarskynlik die mees algemene norm. Hiervolgens sou Middelburg/Witbank ook kon kwalifiseer. Juis om hierdie rede is u mening op die onderstaande vrae baie belangrik vir die ondersoek:

1. Die meegaande dokument som die sewe basiese kriteria op wat 'n sekondêre stad kwalifiseer. In watter mate voldoen u dorp/stad aan hierdie vereistes? Wees spesifiek by elke item.
2. Bevoordeel of benadeel die huidige beleid van desentralisasie en groeipuntontwikkeling in Suid-Afrika u dorp/stad en streek?
3. Het die dorp/stad die vermoë om bevolkingsgetalle en ekonomiese aktiwiteite te trek wat mettertyd met die groot metropole vergelykbaar sal wees?
4. Watter probleme/knelpunte ervaar u dorp/stad ten einde mededingend te kan groei as 'n sekondêre stad/dorp?
5. Watter rol voorsien u vir u stad/dorp binne 'n toekomstige verstedelingsstrategie van Suid-Afrika?

Dit staan u vry om enige relevante sake by te voeg vir bespreking. Voorsien asseblief *geskrewe antwoorde* op bogenoemde vrae, ten einde my taak vorentoe te vergemaklik. Ek sien daarna uit om u te ontmoet.

Die uwe



PROF. L. VAN DER MERWE

KRITERIA VIR SEKONDêRE STEDE/DORPE

1. GROEIPOTENSIAAL

- interne/natuurlike groeikrag (sonder eksterne stimulerings)
- bewese groeiprestasie (bevolking, werksgaaleenthede, getal ondernemings, ens. oor afgelope ± 10 jaar)

2. GROOTTE

- bevolkingsgetal
- beboude oppervlakte
- digtheid van bewoning
- rangorde in nasionale stedelike hierargie

3. LIGGING

- afstand vanaf metropole
- verkeersroetes
- skakeling/interaksie met streek (streeksentrum)
- skakeling met ander stedelike kerne
- bestemming vir migrante

4. EKONOMIESE AKTIWITEITE

- werksgaaleenthede
- diversiteit van ekonomiese sektore
- handel
- kleiner fabrieksnwywerhede
- informele sektor
- landboukundige ondernemings
- administratiewe funksie
- ander aktiwiteite

5. HULPBRONBASIS

- delfstowwe, landbou, toerisme, ens.
- kwaliteit van arbeidsbronne
- beskikbare kapitaal
- plaaslike entrepreneurskap en kundigheid

6. INFRASTRUKTUUR EN DIENSTE

- water, elektrisiteit en riolering
- interne vervoer
- behuising
- opvoeding, gesondheid, ontspanning, ens.
- effektiewe plaaslike bestuur

7. LEWENSKWALITEIT

- werkloosheid
- inkomstevlakke
- armoede
- plakkery
- voorsiening in basiese behoeftes
- misdaad

SEKONDÊRE STADSBEVADERING VIR 'N VERSTEDELINGSTRATEGIE VIR
SUID-AFRIKA

WITBANK - MIDDELBURG
STREEK F

INLEIDING

1. Prof I J van der Merwe van die Universiteit van Stellenbosch, is deur die Departement van Beplanning en Provinsiale Sake aangestel om die implikasies van 'n sekondêre stadsbevadering as 'n integrale deel van 'n verstedelingsstrategie vir Suid-Afrika te ondersoek en te evalueer.
2. Verskeie groot dorpe of dorpskomplekse is geleë om die onderwerp van die ondersoek te wees. Die Witbank-Middelburgkompleks is een van hierdie gekose komplekse en word die inligting aangevra in Prof. van der Merwe se skrywe van 18 September 1990, in hierdie memorandum verstrek.
3. Dit is egter nodig om ter inleiding sekere kern-inligting te verstrek ter bevestiging van aanvaardings wat deurgaans in die memorandum gemaak word.

3.1 WITBANK/MIDDELBURG AS SUBMETROPOOL

- 3.1.1 Dit is 'n algemeen aanvaarde feit dat die Witbank/Middelburgkompleks reeds tot so 'n mate as eenheid ontwikkel het dat dit as 'n submetropool in die Oos-Transvaal beskou word.
- 3.1.2 Die sub-metropool se distriksbevolking is reeds bykans 400 000.
- 3.1.3 Die munisipale grense van Witbank en Middelburg is slegs 14 kilometer van mekaar.
- 3.1.4 Daar is reeds 'n baie sterk en gevestigde wisselwerking tussen die twee dorpe. Inwoners van Middelburg pendel daaglik na Witbank en werk daar en omgekeerd. Sake- en nywerheidsondernemings in die twee dorpe word ook wedersyds ondersteun deur die gemeenskappe. Daar bestaan 'n baie nou en gesonde samewerking tussen die twee plaaslike owerhede en is daar gemeenskaplike belange in die Vereniging van Oos-Transvaalse Plaaslike Owerhede, die Streeksontwikkelingsvereniging van Suidoos-Transvaal (Streek 27) en op baie ander vlakke.

- 3.1.5 Die satelietkampusse van die Universiteit van Pretoria en die Pretoriase Technikon, wat op Witbank gesetel is, dien as onder-riginstallings vir beide dorpe. Verder huisves Witbank 'n Streekabattoir en Streekteater wat ook beide dorpe sowel as die streek bedien.

ONDERSOEK NA SEKONDÊRE STEDE : STREEK F : WITBANK/MIDDELBURG-
GEBIED

1. Kriteria vir sekondêre stede

1.1 Groeipotensiaal

- 1.1.1 Die groei van die Witbank/Middelburg gebied oor die afgelope dekade (1980-1990) bewys onteenseglik dat dit wel oor 'n interne of natuurlike groeikrag beskik. Hierdie groei word gereflekteer in die statistieke wat hierna gegee word.
- 1.1.2 Dit is egter ook net so waar dat hierdie natuurlike groei sedert 1983/84 baie ernstig aan bande gelê is deur die staat se nywerheidsdesentralisasieprogram wat omvattende vestigingsvoordele aan verklaarde NOP's toegestaan het. Indien die natuurlike markkragte en ekonomiese vestigingsoorwegings toegelaat is om hul gang te gaan, sou die groei van die Witbank/Middelburg gebied beslis baie meer skouspelagtig gewees het.
- 1.1.3 Die volgende statistieke dui die groei aan:

1.1.3.1

(i) Bevolking (stedelik)

		<u>BLANK</u>	<u>SWART</u>	<u>KLEURLING/ASTËR</u>	<u>TOTAAL</u>
1960	WITBANK	8 590	38 100	1 055	47 745
	MIDDELBURG	4 910	7 356	675	12 941
	TOTAAL	14 500	45 456	1 730	60 686
1970	WITBANK	12 839	46 462	1 170	60 471
	MIDDELBURG	9 977	16 062	903	26 942
	TOTAAL	22 816	62 524	2 073	87 413
1980	WITBANK	32 000	55 847	2 600	90 447
	MIDDELBURG	14 080	21 400	2 640	38 120
	TOTAAL	46 080	77 247	5 240	128 567
1990	WITBANK	45 982	116 000	7 550	169 532
	MIDDELBURG	28 500	68 000	4 300	100 800
	TOTAAL	74 482	184 000	11 850	270 332

1993 Witbank: 51573 165000 7859 224432 = 32,38% groei
 Nie-Stedelik 50434
 Totaal 274866

(ii) Bevolking (nie-stedelik)

		<u>SWART</u>	<u>ANDER</u>	<u>TOTAAL</u>
1970	WITBANK	30 178	3 977	34 155
	MIDDELBURG	64 772	5 527	70 299
	TOTAAL	94 950	9 504	104 454
1980	WITBANK	54 677	10 087	64 764
	MIDDELBURG	70 466	15 661	86 127
	TOTAAL	125 143	25 748	150 891
1990	WITBANK	42 305	8 129	50 434
	MIDDELBURG	63 869	14 825	78 694
	TOTAAL	106 174	22 954	129 128

(iii) Bevolking (totaal)

	<u>STEDELIK</u>	<u>NIE-STEDELIK</u>	<u>TOTAAL</u>
1970 WITBANK	60 471	34 155	94 626
MIDDELBURG	<u>26 942</u>	<u>70 299</u>	<u>97 241</u>
<u>TOTAAL</u>	87 413	104 454	191 867
1980 WITBANK	90 447	64 764	155 211
MIDDELBURG	<u>38 120</u>	<u>86 127</u>	<u>124 247</u>
<u>TOTAAL</u>	128 567	150 891	279 458
1990 WITBANK	169 532	50 434	219 966
MIDDELBURG	<u>100 800</u>	<u>78 694</u>	<u>179 494</u>
<u>TOTAAL</u>	270 332	129 128	399 460

1.1.3.2 WOONEENHEDE OPPERIG

	<u>WITBANK</u>	<u>MIDDELBURG</u>
1980	364	488
1981	522	493
1982	734	744
1983	664	323
1984	250	175
1985	215	242
1986	142	158
1987	171	146
1988	160	167
1989	<u>108</u>	<u>169</u>
TOTAAL	<u>3 330</u>	<u>3 105</u>

1.1.3.3 BOUPLANNE GOEDGEKEUR

	<u>WITBANK</u>		<u>MIDDELBURG</u>	
	<u>AANTAL</u>	<u>WAARDE</u>	<u>AANTAL</u>	<u>WAARDE</u>
1980	1753	R17 159 933	921	R29 762 000
1981	1177	38 201 325	918	37 871 000
1982	1143	47 765 399	1185	52 603 000
1983	1166	61 178 855	745	27 839 000
1984	750	42 476 550	559	24 812 000
1985	744	36 382 575	624	32 133 000
1986	686	47 285 560	510	22 279 000
1987	884	34 238 925	488	15 980 000
1988	651	32 395 850	565	28 250 000
1989	<u>601</u>	<u>42 938 000</u>	<u>497</u>	<u>35 695 000</u>
TOTAAL	<u>9555</u>	<u>R400 023 872</u>	<u>7012</u>	<u>R307 224 000</u>

1.1.3.4 BESIGHEDE:

	<u>WITBANK</u>	<u>MIDDELBURG</u>
1980	703	530
1990	<u>1 700</u>	<u>1260</u>

1.1.3.5 VOERTUIG GEREGISTREER:

	<u>WITBANK</u>	<u>MIDDELBURG</u>
1980	29 457	38 326
1990	<u>72 400</u>	<u>55 516</u>

1.1.3.6 INKOMSTE:

	<u>WITBANK</u>		<u>MIDDELBURG</u>	
	<u>1979/80</u>	<u>1989/90</u>	<u>1979/80</u>	<u>1989/90</u>
Totale inkomste R	12 081 377	R 74 917 974	R 7 229 426	R49 224 902
Inkomste uit belasting	R 4 563 113	R 21 476 352	R 1 381 430	R5 584 189
Aantal kWh elektrisiteit verkoop	172 323 305 kWh	321 544 696 kWh	71 363 070 kWh	197 238 172 kWh
Aantal kl water verkoop	11 665 638 kl	15 801 500kl	4 123 577kl	8 346 255kl

1.2 GROOTE

- 1.2.1 Die bevolkingsgetalle van die Witbank/Middelburggebied word in paragraaf 1.1.3.1 weergegee.

Kaart 1 toon die bevolkingsdigtheid van die gebied aan.

- 1.2.2 Die bevolkingsgetalle van die landdros-distrikte van Middelburg en Witbank word ook in ag geneem omdat Witbank en Middelburg die hoofdorpe van die distrikte is.

- 1.2.3 Dit is daarby baie belangrik om daarop te let dat daar talle myn- en kragstasie-dorpe in die distrikte geleë is wat hoofsaaklik van Witbank en Middelburg afhanklik is vir dienslewering. (Sien ook kaart 5).

- 1.2.4 Beboude oppervlakes

Witbank: Die totale oppervlakte van die munisipale gebied van Witbank is 20 582 hektaar. Daarvan is ongeveer 9 040 hektaar reeds "bebou". Bebou word gedefinieer as erwe waarop daar reeds 'n gebou opgerig is of parke wat reeds ontwikkel is. Die munisipale gebied van KwaGuga is 3007 hektaar, waarvan 967 hektaar bebou is.

Middelburg: Die totale oppervlakte van die munisipale gebied van Middelburg insluitend Mhluzi is 13 365 hektaar en daarvan is 9 765 hektaar bebou.

Witbank het nog 8 058 woenerwe in verskeie stadia van dorpsstigting beskikbaar wat ontwikkel kan word, terwyl die Stadsraad van Middelburg die enigste grondeienaar en dorpsontwikkelaar is en beskik nog oor 3 600 hektaar onbeboude grond wat vir ontwikkeling aangewend kan word. Beide die struktuurplan vir Witbank en die konsepgidspan van Middelburg dek omliggende gebiede wat in die toekoms vir stedelike ontwikkeling aangewend kan word.

- 1.2.5 Beide die struktuurplan vir Witbank (1989) en die ontwerp-gidsplan vir Middelburg 1983) erken ook die praktiese moontlikheid dat Middelburg en Witbank na mekaar groei en ontwikkel en uiteindelik een metropolitaanse gebied sal word. Kaart 2 gee 'n skematiese beeld van die verwagte groei van Middelburg en Witbank. Volgens die NFO, 1975, is die gebied ook reeds as 'n groeipool geïdentifiseer.
- 1.2.6 Indien die totale beboude gebied deur die totale bevolking gedeel word gee dit 'n digtheid van bewoning van 15,45 persone per hektaar vir Witbank en 10,32 persone per hektaar vir Middelburg. Dit is egter 'n misleidende syfer weens die hoër digthede in die swartdorpe, terwyl enkele nywerhede tot 1 000 hektaar beslaan. Volgens die Ontwikkelingsbank van Suidelike Afrika is die digtheid van bewoning van die streek 26 persone per hektaar.
- 1.2.7 Witbank is tans negende in die nasionale stedelike hiërargie en Middelburg is tans sewentiende.

1.3 LIGGING

Kaart 3 toon die ligging van die Witbank/Middelburg gebied aan.

1.3.1 Afstand van Metropole

Witbank - Johannesburg	-	160km
Middelburg-Johannesburg	-	187km
Witbank - Pretoria	-	100km
Middelburg-Pretoria	-	127km
Witbank - Durban	-	600km
Middelburg-Durban	-	600km

1.3.2 VERKEERSROETES

Die volgende verkeersroetes lei na Witbank/Middelburg:

- (a) die N4 snelweg vanaf Pretoria na Nelspruit;
- (b) die N12 snelweg vanaf Johannesburg, wat verder met die N4 na Nelspruit loop;

- (c) die geëlektrifiseerde spoorlyn van die PWV na Maputo.

Middelburg is geleë:

- (D) die pas-afgekondigde snelweg N11 vanaf Vryheid via Ermelo na Middelburg;
- (e) die hoofroete van Beitbrug via Middelburg, Pietersburg en Groblersdal na Durban;
- (f) beide dorpe is ongeveer 30 kilometer noord van die Broodsnyersplaas/Richardsbaaispoorlyn se begin geleë.

1.3.3 Skakeling/Interaksie met Streek (Streeksentrum)

Witbank en Middelburg is in die 1975-N.F.O. erken as groeipole van Streek 27. In die NFO wat tans hersien word, word dit weer eens as die groeipool van Streek F erken. Dit vervul 'n baie belangrike streekfunksie en bedien dorpe soos Marble Hall, Groblersdal, Dullstroom, Belfast, Machadodorp, Watervalboven, Hendrina en die talle myn- en kragstasiedorpie in die Streek.

1.3.4 Skakeling met ander stedelike kerne

Witbank en Middelburg is op verskeie ontwikkelingsasse geleë wat 'n sterk aanduiding is van skakeling met ander stedelike kerne. Hierdie ontwikkelingsasse is:

- (i) Johannesburg - Pretoria - Bronkhorstspuit - Witbank - Middelburg;
- (ii) Witbank - Middelburg - Ermelo - Richardsbaai;
- (iii) Witbank - Middelburg - Bethal - TEKS gebied.

1.3.5 Bestemming van Migrante

Die Witbank/Middelburg gebied is die be-

stemming van inwoners van twee nasionale state, naamlik KwaNdebele en Lebowa. Groot getalle van die inwoners van hierdie state werk in Witbank en Middelburg en doen ook hul inkopies hier. Die snelle ontwikkeling wat in die Steel-poortvallei plaasvind skep 'n verdere verbindingsas met Middelburg.

1.4 EKONOMIESE AKTIWITEITE

Die ontwikkelingsinligting wat deur die Ontwikkelingsbank van Suidelike Afrika beskikbaar gestel is bevat omvattende inligting oor die ekonomiese aktiwiteite van Witbank en Middelburg en Streek F en dit word hierby aangeheg as inligtingsbron sonder om na die detail daarvan te verwys. Daar word volstaan met enkele bykomende opmerkings.

1.4.1 Werksgeleenthede

Daar is nie akkurate statieke ten opsigte van werksgeleenthede beskikbaar nie. Die Ontwikkelingsbank van Suidelike Afrika het omvattende statistieke ten opsigte van Streek 27 en die landdrosdistrikte van Middelburg en Witbank beskikbaar gestel. As die absolute dominansie van Middelburg en Witbank in Streek 27 in ag geneem word, moet besef word dat die statistieke ten opsigte van Streek 27 hoofsaaklik op die submetropool van toepassing is. Die BGP van Witbank en Middelburg verteenwoordig 90% van die totaal van Streek 27.

1.4.2 Diversiteit van Ekonomiese Sektore

Daar sal gemerk word uit die statistieke dat die ekonomie van die Witbank/Middelburg gebied nie so gediversifiseer is as wat wenslik is nie. Dit rus baie swaar op vyf sektore, naamlik: landbou, mynbou, nywerheidswese, elektrisiteitsopwekking en administratiewe funksies. (Sien kaart 4). Die persentasie bydraes van die verskillende bedrywe in Witbank en Middelburg is soos volg:

<u>Bedryf</u>	<u>% van die Bruto Geografiese Produk</u>	
	<u>WITBANK</u>	<u>MIDDELBURG</u>
Landbou	1,1	3,2
Mynwese	28,6	30,7
Fabriekswese	24,8	5,1
Elektrisiteit	21,5	46,2
Konstruksie	2,1	2,1
Handel	6,5	4,6
Vervoer	4,3	1,5
Finansieël	5,2	2,2
Gemeenskapsdienste	6,0	4,4

Die verspreiding van die kragstasies word op Kaart 5 aangetoon.

Beide dorpe is ideale vestigingsgebiede vir swaar staalnywerhede en voldoende nywerheidsgrond en alle ander produksiefaktore vir hierdie bedrywe is beskikbaar.

1.4.3 Handel

Benewens die feit dat die Middelburg/Witbankgebied as handelsentrum vir die streek dien, word handel gedryf landswyd en op internasionale gebied.

'n Diagram (no. 5.1) soos vervat in 'n samevatting van die O.B.S.A-dokument is hierby aangeheg, waarin 'n oorsigtelike beeld gegee word van die vloei van produkte vanaf en na die streek.

1.4.4 Kleiner Fabrieksnywerhede

Kleiner fabrieksnywerhede is gevestig in 'n verskeidenheid ligte nywerheidsdorpe in Witbank en Middelburg en lewer 'n belangrike inset tot die totale ekonomiese aktiwiteite van die gebied.

1.4.5 Informele Sektor

Sekere van die werklose persone in die gebied is betrokke by die informele sektor. Die informele sektor verteenwoordig ongeveer 14% van die potensiele werkersmag.

1.4.6

Landboukundige Ondernemings

Die Oos-Transvaalse Koöperasie, een van die grootste landbou koöperasies in die land, (hoofkantoor in Bethal) het 'n baie groot tak op Middelburg en verskeie groot graansilo's in die dorp en distrik. Ook 'n kleiner takkantoor is in Witbank gevestig. Daarbenewens is een van die grootste voerkrale in die suidelike half-rond veertien kilometer suid van Middelburg geleë (Kanhym). Daar is ook talle maatskappye in Middelburg gevestig wat landbou-implimente, kunsmis, medisyne, brandstof, ens. aan die landbousektor voorsien.

1.4.7

Administratiewe Funksie

Witbank en Middelburg beskik oor 'n baie sterk administratiewe funksie. Daar is 15 staats- en provinsiale departemente in Witbank en 16 staats- en provinsiale departemente in Middelburg gevestig. Die volgende staats- en provinsiale departemente het ondermeer streekkantore in Witbank en Middelburg:

Witbank: - Departement van Binnelandse Sake
 - Ontvanger van Inkomste
 - Departement van Mannekrag
 - Departement van Gevangenis
 - Provinsiale Administrasie
 - Departement van Mineraal- en Energiesake

Middelburg: Streek- en Distrikskommis-saris van Polisie
 - Departement van Verdediging:
 4 SAI
 Bevelgroep 28
 Regiment Hoëveld
 Middelburg Kommando
 - Landbank
 - Departement van Pos- en Telekommunikasie
 - Provinsiale Ouditeur
 (Ouditeur-Generaal)
 - Provinsiale Verkeersafdeling

1.5 HULPBRONBASIS

Die hulpbronbasis van Witbank/Middelburg en Streek 27 word volledig in die ontwikkelingsinligting van die O.B.S.A. vervat.

1.5.1.1 Delfstowwe

Die gebied is geweldig ryk aan delfstowwe. Steenkool en ystererts is die belangrikste delfstowwe wat tans ontgin en verwerk word. Die streek produseer ongeveer 30miljoen ton steenkool per jaar. Verdere detail word in die O.B.S.A.-dokument, (bladsye 6-2-2 tot 6-2-24) verstrek.

1.5.1.2 Landbou

Die Oos-Transvaalse Hoëveld beskik oor van die rykste landbougrond in die Republiek. Vyf en dertig persent van die grond in die landdrosdistrik van Witbank word as hoë potensiaal landbougrond geklassifiseer, terwyl 39% van die landbougrond in die Middelburg landdrosdistrik as sodanig geklassifiseer word. In die O.B.S.A. dokument (bladsye 6-1-2 tot 6-1-150) word omvattende inligting oor die gehalte van die grond, die beskikbaarheid van water, die produksie van die verskillende gewasse, ens. verstrek.

1.5.1.3 Toerisme

Witbank en Middelburg is geleë op die hoof toerismoetes na die Laeveld.

Beide dorpe beskik oor munisipale damme waar moderne geriewe beskikbaar is vir oornagbesoekers, ontspanning, hengel, dagbesoekers en watersport en waarby ingesluit is karavaanparke met hoogstaande geriewe en natuurparke vir die stapper en natuurliefhebber.

Die vakansie-oorde is binne gerieflike afstand vanaf die PWV-gebied vir daguitstappies.

1.5.2 Kwaliteit van Arbeidsbronne

'n Volledige ontleding van die kwaliteit van die arbeidsbronne word gevind in hoofstuk 8 van die O.B.S.A.-dokument.

1.5.3 Beskikbare kapitaal

As gevolg van die baie groot potensiaal van beide die mynbou- en landbousektore in die streek, is kapitaal vir ontwikkeling geredelik beskikbaar. Die meeste van die minerale neerslae in die streek is reeds deur een of ander van die groot mynmaatskappye opgeneem en sal ontwikkel word wanneer die mark- en uitvoergeleenthede daarvoor geskik is.

1.5.4 Plaaslike Entrepreneurskap en Kundigheid

As gevolg van die aantal staalnywerhede, myne, kragstasie- en landboukundige instellings in die gebied, is daar 'n groot poel van plaaslike entrepreneurskap en kundigheid beskikbaar. As voorbeeld hiervan kan gemeld word dat die wêreldbekende 3CR12-staal in Middelburg ontwikkel is deur Middelburg Steel and Alloys.

Oor die jare het 'n klemverskuiwing plaasgevind na die ontwikkeling van energie waar die opwekking van energie nou "staties" geword het, kan groei (kwaliteit en kwantiteit) verkry word deur op die volgende aspekte te konsentreer:

1. Opleiding in byvoorbeeld Energietechnologie.
2. Diversifikasie - In energieverbruikers
- Deur beter dienslewering aan die totale bestaande gemeenskap.
3. Energienavorsing
4. Veredeling van metale

14.

5. Dienslewering aan die Streek

6. Skaalvergroting van streekgeriewe.

Dit is belangrik om daarop te let dat 70% van al die elektriese ingenieurs in Suid-Afrika in die Streek saamgetrek is. Hierdie komponent is by uitstek ingestel op die instandhouding van bestaande installasies. Die geleentheid bestaan dus om van die dissipline gebruik te maak in die nastrewing van die missie van die streek.

1.6 Infrastruktuur en Dienste

Witbank en Middelburg beskik oor 'n baie sterk infrastruktuur en alle dienste is beskikbaar om baie groot groei en ontwikkeling op kort kennisgewing te huisves.

1.6.1.1 Water

Witbank beskik oor die grootste munisipale dam in die Suidelike-Afrika en water is aan Middelburg beskikbaar vanuit die Klein Olifantsrivier. Die Departement van Waterwese het reeds goedkeuring verleen dat toekomstige behoeftes aan water vanuit die Vaalrivier bevredig sal word.

1.6.1.2 Elektrisiteit

Elektrisiteit is in oormaat beskikbaar, aangesien die streek elektrisiteit landswyd uitvoer.

1.6.1.3 Riool

Spoelrioolstelsels is geïnstalleer.

1.6.2 Interne Vervoer

'n Private busdiens voorsien vervoer aan swart pendelaars, terwyl meer as 600 kombi-tax's bedrywig is in die gebied. Daar is tans geen behoefte aan 'n blanke openbare vervoerdiens nie.

1.6.3 Behuising

Voldoende behuising is beskikbaar. In Witbank is nog ongeveer 8 058 erwe beskikbaar wat of reeds gediens is of nog gediens moet word vir ontwikkeling, asook 'n verdere ongeveer 6 500 hektaar. Die Stadsraad van Middelburg beskik oor 1 550 ten volle gedienste woonerwe wat teen baie billike pryse beskikbaar gestel kan word. (R12 000 vir 1 200m²).

1.6.4.1 Opvoeding

Witbank beskik oor 'n satellietkampus van beide die Universiteit van Pretoria en die Teknikon Pretoria. Witbank beskik verder oor 'n Tegniese Kollege, 'n Steenkoolmynopleidingskollege, agt hoërskole en tien laerskole vir blankes, 'n laerskool vir kleurlinge, 'n laerskool vir Indiërs en 'n moderne Tegniese Kollege, asook vier hoërskole en vyf laerskole vir swart leerlinge.

Middelburg beskik oor 'n Tegniese Kollege, vier hoërskole en ses laerskole vir blankes, 'n hoër- en laerskool vir Kleurling, 'n Hoër- en laerskool vir Indiërs en vier hoërskole en nege laerskole vir swart leerlinge.

1.6.4.2 Gesondheid

Beide Witbank en Middelburg beskik oor streekhospitale en bedien alle bevolkingsgroepe. Daar is munisipale klinieke vir blankes, kleurlinge, Indiërs en swartes. Die Departement van Gesondheid bedryf ook verskeie klinieke. Beide dorpe beskik ook oor privaat hospitale en 'n privaathospitaal met 70 beddens is so pas in Middelburg opgerig terwyl die privaathospitaal op Witbank oor 100 beddens beskik. Gespesialiseerde mediese dienste is op beide dorpe beskikbaar.

1.6.4.3 Ontspanning

Witbank en Middelburg beskik oor uitstekende sport- en onspanningsgeriewe. Alle sportsoorte word bedien deur uitstekende fasiliteite met spreiligte. Die

Johann van Riebeeckstation wat die hoofkwartier van die Suid-Oos Transvaalse Rugbyvereniging huisves is in Witbank geleë.

Daar is 'n dam-ontspanningsoord by Witbankdam, asook binne Middelburg geleë waar karavaanparke, oornagteriewe, 'n verskeidenheid ontspanningsfasiliteite, hengel- en bootgeriewe beskikbaar is. Die Kruger Wildtuin en verskeie warmwaterbronne en vakansie-orde is binne maklike bereik.

Witbank beskik verder oor 'n uitstekende Kultuursentrum wat 'n Stadsteater insluit en 'n belangrike streeksfunksie vervul.

1.6.5 Effektiewe Plaaslike Bestuur

Beide dorpe beskik oor effektiewe plaaslike besture en dit word allerweë aanvaar as van die mees effektiewe plaaslike besture in Transvaal. Die rade lewer dienste aan al vier die bevolkings-groepe en speel 'n leidende rol in plaaslike bestuurswese in Transvaal, en in Oos-Transvaal in besonder.

1.7 LEWENSKWALITEIT

In die O.B.S.A-dokument (bladsy 8-2-2 tot 8-2-51) word weer eens baie volledige detail verstrek oor die lewenskwalityt in die substreek. Meer inligting as wat gevra word, word bespreek.

2. BENADELING DEUR HUIDIGE BELEID VAN DESENTRALISASIE EN GROEIPUNTONTWIKKELING

2.1 Soos reeds aangedui is daar geen twyfel dat die huidige stelsel van desentralisasie en groeipuntontwikkeling die Middelburg/Witbank gebied sedert 1984 benadeel het nie. Dit word deur die groei-afname getoon.

2.2 Middelburg en Witbank was oorspronklik erken as N.P.O.'s ten opsigte van kleurlinglarbeid maar aangesien geen nywerhede hiervolgens gevestig is nie, is die voordele ingetrek. Dit is egter 'n feit dat die Kleurling nie 'n fabriekswerker is nie.

- 2.3 Die vestigingsvoordele wat in 1983 aan die N.O.P's toegeken is, was só aantreklik dat 'n voornemende nyweraar beswaarlik elders as in 'n N.O.P. kon vestig. Dit het egter ook baie duidelik geblyk dat die kunsmatige vestigingspraktyk daartoe gelei het dat baie van hierdie nywerhede totaal afhanklik was van die vestigingsvoordele om enigsins lewensvatbaar te kon bly.

3. VERMOË OM BEVOLKINGSGETALLE EN EKONOMIESE AKTIWITEITE TE TREK WAT MET GROOT METROPOLE VERGELYKBAAR IS

- 3.1 Die antwoord op hierdie vraag is 'n besliste ja. Indien Middelburg en Witbank as 'n submetropool beskou word beskik dit reeds oor 'n bevolking van bykans 400 000 en het die vermoë om verder sterk te groei.
- 3.2 Die volgende eienskappe bevestig hierdie stelling:
- 3.2.1 Daar is voldoende grond en hinterland beskikbaar om groei te akkommodeer.
 - 3.2.2 Middelburg/Witbank-gebied is ge-oormerk vir die vestiging van groot staalnywerhede en dit sal verdere vestiging van verwante nywerhede stimuleer.
 - 3.2.3 Middelburg/Witbank-gebied beskik oor die potensiaal om duisende werksgeleenthede in die landbou-, mynbou-, nywerheids- en elektrisiteitssektore te skep. Dit sal daartoe lei dat die ekonomiese aktiwiteit diversifiseer en die ander sektore ook ontwikkel.
 - 3.2.4 Die uitvoer van steenkool speel 'n baie belangrike rol in die streek se ekonomie.
 - 3.2.5 Invoervervanging en die ver-edeling van die Republiek se grondstowwe behoort deur staatsondersteuning aangemoedig te word en hierdie streek leen homself by uitstek daartoe.
 - 3.2.6 Die infra-struktuur vir groot ontwikkeling is beskikbaar of kan geredelik beskikbaar gestel word.
 - 3.2.7 Opleidingsfasiliteite is in die streek beskikbaar. Geskoolde en ongeskoolde arbeid is beskikbaar.

- 3.2.8 Die streek is ideaal geleë ten opsigte van die hawens van Maputo wat tans Richardsbaai.

4. PROBLEME/KNELPUNTE

Die volgende is die belangrikste knelpunte wat die streek in die gesig staar:

- 4.1 Besoedeling. Besliste stappe sal geneem moet word om besoedeling binne aanvaarbare vlakke te hou.
- 4.2 'n Baie groot lekkasie van inkomste uit die streek vind plaas. Die streek genereer geweldig rykdom vir die Republiek in die vorm van kragopwekking, steenkool - en staaluitvoere, landproduksie ens., maar die winste daaruit vloei na die groot mynbou- en ander instellings in die PWV-gebied.
- 4.3 Die Staat se onvermoë om die nie-stedelike infrastruktuur, veral paaie, in stand te hou, skep 'n baie groot probleem. Die geweldige ekonomiese aktiwiteite plaas groot druk op die infrastruktuur maar dit word nie behoorlik in stand gehou nie.
- 4.4 Die beskikbaarheid van fondse vir die voorsiening van behuising vir veral swart verstedeliking skep 'n probleem. Daar is tans ongeveer 800 plakkerstrukture in Mhluzi en ongeveer 5 107 plakkerstrukture in KwaGuga, terwyl daar etlike duisende strukture op erwe opgerig is bykomstig tot die eerste woning. Hierdie strukture word op 6 050 in KwaGuga beraam.

5. VERSTEDELIKINGSTRATEGIE

- 5.1 Die feit dat die Middelburg/Witbank gebied en die streek oor die potensiaal beskik om groot getalle werkseleenthede te skep en dit reeds gedoen het, het tot gevolg dat mense in groot getalle hierheen stroom in die hoop om werk te vind.
- 5.2 Dit sal noodsaak dat 'n baie positiewe verstedelikingstrategie gevolg sal moet word, veral ten opsigte van die swart bevolking.
- 5.3 Vir hierdie rede het die Stadsraad van Mhluzi, met die Stadsraad van Middelburg en die Streekdienseraad se hulp, reeds addisionele grond vir dorpsuitbreiding bekom en is beplan. Dienste word tans aangebied. Net so vind verdere dorpsstigting in Kwaguga plaas en is ongeveer 2 040 hektaar vir verdere dorpsstigting beskikbaar.

- 5.4 Daar sal egter ook beramings van die bevolkingsaanwas oor die volgende twintig tot dertig jaar gemaak moet word om 'n langtermyn verstedelikingstrategie in werking te stel.

streekf.ab

STREEKSDIENSTERAAD HOëVELD

ONTWIKKELING VAN MIDDELBURG/WITBANK AS SEKONDêRE STEDE/DORPE

INLEIDING:

Omdat die Streeksdiensteraad sy bedrywighede op 'n streeksbasis uitvoer, word daar ook 'n streeksbenadering gevolg met die insette wat hierin gelewer word. Dit is dan ook belangrik om daarop te let dat Witbank en Middelburg nie elk in isolasie gesien word nie omdat, uit 'n streeksoogpunt beskou, hierdie twee dorpe gesamentlik as die semi-metropolitaanse kern van streek 27 beskou word, en nagenoeg 93% van die inkomste van die Streeksdiensteraad in die Witbank en Middelburg landdrosdistrikte gegenereer word.

Daar moet ook op gelet word dat die twee dorpe geografies nader aan mekaar beweeg deur uitbreidings wat plaasvind en dat veral die gebied aangrensend aan die ou verbindingspad (P154-3) reeds redelik dig bevolk is en bykans in geheel uit kleinhoewes bestaan. Die grens van die Witbank munisipale gebied is huidiglik ook veel nader aan Middelburg as voorheen, weens die inlywing van die Jackaroo kleinhoewes. Verder moet ook in gedagte gehou word dat alhoewel Middelburg in verskillende rigtings kan uitbrei, toekomstige uitbreidings van Witbank, wat die woonkomponent betref hoofsaaklik in 'n noord-oostelike rigting tussen Pad 153-3 en die N4 (dit wil sê in die rigting van Middelburg) sal plaasvind as gevolg van mynboubedrywighede in ander rigtings.

Die gevolg van bostaande is 'n visie van een groot metropool waarin die twee dorpe aaneengeskakel sal wees, en insette word gelewer teen hierdie agtergrond.

Die vrae soos in die brief uiteengesit word vervolgens behandel.

1 BASIES KRITERIA

1.1 Groeipotensiaal en 1.2 Grootte

Beide dorpe beskik wel oor die nodige interne/natuurlike groeikrag. Ten spyte van die afplatting in die ekonomie het daar wel aansienlike groei plaasgevind. Die vooruitskatting van die firma Datakonsult (Bevolking 2000) projekteer 'n bevolkingsyfer van 43 851 vir Witbank in die huidige jaar. Daar was egter in 1989 reeds nagenoeg 15 000 wooneenhede in hierdie dorp, (wat 'n aanduiding is dat daar 'n veel hoër dan normale groei plaasgevind het. In die aangrensende swart dorp, Kwaguqa het die vooruitskatting op 52 345 te staan gekom, terwyl die huidige bevolking op 80 000 beraam word.

ONTWIKKELING VAN MIDDELBURG/WITBANK AS SEKONDêRE STEDE/DORPE

Alhoewel daar nie spesifieke syfers beskikbaar is nie, het daar in Middelburg ook 'n soortgelyke tendens voorgekom. Die vooruitskatting van die bevolking van die swart dorp, Mhluzi, wat op 28 308 beraam was, word wel ook baie ver oortref met die huidige beraming van 'n inwonertal van 60 000.

Dit word aanvaar dat die onderskeie plaaslike owerhede nadere inligting sal voorsien.

1.2 LIGGING:

Die Witbank/Middelburggebied is binne 'n radius van nagenoeg 150km vanaf die totale PWV-kompleks geleë en word deur uiters effektiewe pad- en spoorverbindings bedien. Die kompleks is relatief naby Mosambiek en die Maputo hawe geleë wat 'n groot voordeel inhou met betrekking tot uitvoerpotensiaal. Dit is daarbenewens toeganklik geleë ten opsigte van die Richardsbaai en Durban hawens.

Wat migrante betref is hierdie gebied die eerste groot industriële kompleks vanaf Leboa, Gazankulu, Kangwane en deels ook KwaNdebele; waarvandaan migrante dan ook in groot getalle alhier 'n heenkome vind en hervestig.

1.3 EKONOMIESE AKTIWITEITE:

Volgens die rekords van die Streeksdiensteraad, bestaan die volgende aantal ondernemings in die landdrosdistrikte van Middelburg en Witbank (Mei 1990):

	WITBANK	MIDDELBURG	TOTAAL
Landbou	200	478	678
Geldwese	23	39	62
Handel	1 220	1 128	2 348
Nywerheid	151	124	275
Vervoer	124	137	261
Mynbou	30	19	49
Staat	16	15	31
Ander (hoof- saaklik professionele dienste)	213	220	433
TOTAAL	1 977	2 160	4 137

ONTWIKKELING VAN MIDDELBURG/WITBANK AS SEKONDÊRE STEDE/DORPE

Hierdie ondernemings genereer 'n inkomste van nagenoeg R11,373 biljard per jaar. (Dit moet in gedagte gehou word dat alle ondernemings ongetwyfeld nie by die Streeksdiensteraad geregistreer is nie, en bostaande syfers kan dus as die minimum beskou word.)

Alhoewel die streek van die Hoëveld Streeksdiensteraad die kleinste oppervlakte van die landelike Streeksdiensterade in die Transvaal beslaan, is die inkomste van die Raad die hoogste van al hierdie Rade, en soos reeds genoem is 93% van die Raad se inkomste afkomstig uit die Middelburg/Witbankgebied.

1.4 HULPBRONBASIS:

Die steenkoolmyne in die gebied lewer tans ongeveer 74 miljoen ton steenkool per jaar, en die reserwes is in 1985 beraam op 16 242 miljoen ton waarvan 12 641 ton herwinbaar was en voldoende sou wees tot ten minste die jaar 2020. In 1989 was 'n totaal van 313 162 persone in die steenkoolbedryf werksaam, met 'n totale verdienste van nagenoeg R448,6 miljoen per jaar.

Kwartsiet word by 'n groef noordoos van Middelburg ontgin, vir metallurgiese gebruik by sekere ferrolegeringsaanlegte. Reserwes is voldoende vir die medium- tot langtermyn. In die streek van die Raad, dit wil sê binne 'n afstand van nagenoeg 140 km vanaf die Witbank/Middelburg kompleks, word ook graniet, vanadium-titaanhoudende ystererts, konstruksiemateriale, kalksteen, flintklei en mangaan ontgin.

Die Witbank en veral die Middelburg landdrosdistrikte is een van die belangrikste mielieproduserende streke in die RSA, en daarbenewens word hoofsaaklik sonneblom, droë bone en aartappels verbou. Bees- en skaapboerdery speel egter ook 'n groot rol.

1.5 INFRASTRUKTUUR EN DIENSTE:

Al die dorpe (Blank, Kleurling, Indiër en Swart) in die streek beskik oor uitstekende infrastruktuur wat water en riolering betref. Elektrisiteit is egter nie beskikbaar by alle erwe in die swart dorpe nie, bloot as gevolg van die nie-bekostigbaarheidsaspek. Die bestaande waterbronne is ook voldoende om die die behoeftes te voorsien.

Vervoer wentel tans hoofsaaklik rondom swart huurmotors, maar sekere ondernemings voorsien wel busvervoer vir hul eie werknemers.

ONTWIKKELING VAN MIDDELBURG/WITBANK AS SEKONDÊRE STEDE/DORPE

Daar is wel 'n tekort aan behuising in swart woongebiede, maar daadwerklike aandag word geskenk aan die beskikbaarstelling van voldoende, bekostigbare, gedienste erwe waarop die eienaar/ huurder dan na sy keuse en vermoë 'n geskikte struktuur kan oprig.

Voldoende opvoedkundige inrigtings bestaan wel in die blanke gebiede, insluitende 'n buitemuurse kampus van die Universiteit van Pretoria en die Pretoriase Technikon te Witbank. In die swart dorpe is daar egter 'n tekort aan skoolgeboue.

Kliniekdienste word op 'n baie effektiewe wyse aan alle bevolkingsgroepe gelewer, alhoewel daar ook 'n behoefte vir addisionele kliniekgeboue in die twee swart dorpe bestaan. Afgesien van die twee Provinsiale Hospitale, is daar reeds al vir etlike jare 'n veelrassige privaat hospitaal in Witbank, terwyl 'n soortgelyke privaat hospitaal met 160 beddens binnekort in Middelburg geopen word.

Ontspanningsfasiliteite vir Blankes, Kleurlinge en Indiërs is goed voorsien en beide dorpe beskik oor uiters moderne sportkomplekse wat in alle behoeftes voorsien. Daar is egter, bloot as gevolg van bevolkingsgetalle, nie voldoende fasiliteite in die swart dorpe nie. Die twee Blanke Plaaslike Besture is uiters effektief en beskik oor die dienste van kundiges wat finansiële, administratiewe sowel as tegniese dienste betref. Wat die swart plaaslike owerhede betref is die toestand huidiglik nie in alle opsigte na wense nie, maar dit is 'n probleem wat landswyd voorkom en daadwerklik aangespreek word.

1.6 LEWENSKWALITEIT:

Volgens die jongste statistieke (November 1989) is die werkloosheidsyfer onder swartes in die Oos-Trasnvaal 6,1% in die dorpe en 4,4% in die nie-stedelike gebiede. Volgens 'n woordvoerder kan die Departement van Mannekrag is daar wel 'n aanvraag vir arbeid in die Landbousektor, maar bykans geen aanbod nie, terwyl die aanbod wat die myne, kragstasies en nywerhede betref, aan die anderkant die aanvraag oorskry.

Volgens die Urban-Econ verslag van Mei 1989, was die per capita inkomste (rand per persoon) in die streek 27 soos volg:

Blankes	R8 768
Kleurlinge	R2 252
Indiërs	R5 907
Swartes	R1 898

ONTWIKKELING VAN MIDDELBURG/WITBANK AS SEKONDÊRE STEDE/DORPE

Daar was sedert 1978 'n merkbare verkleining van die loongaping tussen Blankes en ander groepe.

Armoede kom wel onder swartes in die landelike gebiede voor, en slegs tot 'n geringe mate in die stedelike komplekse.

Weens die toestroming na die twee swart dorpe word daar wel 'n plakkersprobleem ondervind, wat egter ook die ernstige aandag van die onderskeie owerheidsinstellings geniet. Die Streeksdiensteraad voorsien fondse vir die aanbring van basiese dienste in die betrokke dorpe, met die oog op die geordende vestiging van hierdie plakkers. Die toestroming van plakkers het wel in die jongste tyd afgeplat maar aanduidings is dat daar nagenoeg 10 000 erwe benodig word vir die vestiging van bestaande plakkers in die twee dorpe.

As die per capita inkomste van die streek in aanmerking geneem word, kan aanvaar word dat inwoners wel in staat is om in hul basiese behoeftes te voorsien. Misdaadsyfers is nie bekend nie, maar die persepsie is dat hierdie syfers nie bo normaal hoog is nie.


- 2 Die huidige beleid van desentralisasie en groeipuntontwikkeling bevoordeel beslis nie die gebied nie, maar benadeel dit wel omdat daar nie op gelyke basis gekompeteer kan word met gebiede waar toegewings van toepassing is nie. Dit bring mee dat nywerhede wat in die gebied behoort te vestig, na ander punte wat kunsmatig gestimuleer word, getrek word, en wel met tydelike ekonomiese oorwegings wat op die lang duur nie wenslik mag blyk te wees nie.
- 3 Die Witbank/Middelburg gebied het beslis die vermoë om ten spyte van die probleem soos in paragraaf 2 uiteengesit, bevolkingsgetalle en ekonomiese aktiwiteite te trek wat mettertyd met die groot metropole vergelykbaar sal wees. Die ligging van die gebied teenoor die metropole aan die een kant en die landelike bedieningsgebied, asook die beskikbaarheid van grondstowwe, maak dit ideaal vir verdere ontwikkeling. Daar is reeds bewys dat die bevolkingsgetalle aansienlik gegroei het oor die afgelope aantal jare, en as die redelike lae werkloosheidsyfer in aanmerking geneem word, is dit 'n aanduiding dat ekonomiese aktiwiteite ook wel ooreenkomstig toegeneem het.
- 4 Weens die nabyheid aan die PWV-gebied vind die verwerking van grondstowwe wat in die streek voorkom asook die verwerking van halfverwerkte produkte tot 'n baie groot mate in daardie gebied plaas. Daar moet indringend gekyk word na die vestiging van sodanige bedrywigheide in die gebied, veral waar nuwe ondernemings te sprake is.

ONTWIKKELING VAN MIDDELBURG/WITBANK AS SEKONDÊRE STEDE/DORPE

- 5 Die Witbank/Middelburggebied is deel van die Hoëveldse metropool en is sodanige geleë dat dit 'n suigkrag kan uitoefen wat betref die wegtrek van aktiwiteite vanaf die PWV-gebied en ook kan dien as opvang wat betref migrante uit veral die Oos-Transvaal. Die gebied behoort dus te ontwikkel in 'n belangrike stedelike kompleks wat ver genoeg vanaf die PWV-gebied geleë is ten einde 'n deel van die konsentrasie van aktiwiteite en bevolking in daardie gebied te absorbeer, maar aan die ander kant ook naby genoeg om gemaklike interaksie tussen die twee gebiede te verseker. Die twee dorpe as metropool sal dan ook kan dien as kernstad wat die bediening van die omliggende landelike gebied betref, en wat die "verkeer" tussen inwoners van die landelike gebied en die PWV-gebied kan laat afplat as gevolg van die groter bemakingsmoontlikhede wat betref produkte vanuit die streek, asook die verbetering in die voorsiening van verbruikersgoedere aan die ander kant.

Diagram 5.1

Intermediate and Final Deliveries in Region F, 1985, in Millions of Rands




Notes

- Only deliveries > Rm 25
- The width of the arrows is more or less related to the size of the deliveries
- The surface of the circles is more or less related to the value added of the sectors
- Domestic final deliveries consists of:
 - Private consumption expenditure
 - Government expenditure
 - Gross domestic investment



Intermediate Deliveries



Domestic Final Deliveries



Exports

REGION F

POPULATION DENSITY

Development Region F

BOUNDARIES

Development Region
International
National
District

TOWNS

Proclaimed and major towns


ROADS

Main Roads


RAILWAYS

Railway Lines
Aerodromes

URBAN POPULATION




RURAL POPULATION




0 10 20 30 40 km
Development Bank of
Southern Africa,
Section: Quantitative Analysis
and Measurement, 1989

KAART 1



LONG TERM GROWTH



REGION F


Development Region F

BOUNDARIES
 --- Development Region
 --- International
 --- National
 --- District

TOWNS
 * Proclaimed and major towns

ROADS
 --- Main Roads

RAILWAYS
 --- Railway Lines
 --- Aerodromes



0 10 20 30 40 km
 Development Bank of
 Southern Africa,
 Section: Quantitative Analysis
 and Measurement, 1989

MINERALS

Al Aluminium (Bauxite)
 An Andalusite
 Sb Antimony
 As Arsenic
 AC Chrysotile
 Ba Barites
 Be Beryllium
 Bi Bismuth
 CK Kaolin
 CL Refractory clay (lint)
 CF Refractory clay (semi-lint and plastic)
 C Coal
 Co Cobalt
 Cr Chromium
 Cu Copper
 Cm Corundum
 Au Gold
 Fe Iron
 KI Kieselsuhr
 Pb Lead
 Ls Limestone
 Li Lithium
 Mg Magnesite
 Hg Mercury
 Mc Mica
 Mo Molybdenum
 Ni Nickel
 P Phosphate
 Pt Platinum-group metals
 RE Rare earths
 Ag Silver
 T Talc
 Ta Tantalum-Niobium
 Th Thorium
 Sn Tin
 Ti Titanium
 W Tungsten
 U Uranium
 V Vanadium
 Vm Vermiculite
 Zn Zinc

REGION F

MINERALS AND MINES

Development Region F

BOUNDARIES

Development Region
 International
 National
 District

TOWNS

Proclaimed and major towns

ROADS


Main Roads

RAILWAYS

Railway Lines
 Aerodromes

LEGEND

▲ Principal operating mines and quarries
 △ Major non-operating mines and quarries
 ▼ Operating collieries
 ▽ Former torbanite mine
 ● Mineral deposit



Development Bank of
 Southern Africa,
 Section: Quantitative Analysis
 and Measurement, 1989

KAART 4

LIST OF COLLIERIES

C1 Palmer
C2 Gisa
C3 Groenval
C4 Belfast Coal
C5 Alfontein
C6 Delmas
C7 Springfield
C8 New Denmark
C9 Twistdraai
C10 Modderburg
C11 Brandspuit
C12 Bonjesspruit
C13 Anthra
C14 Ututu
C15 Ermelo Mines
C16 Dnehoek
C17 Vlakfontein
C18 Spitzkop
C19 Savmore
C20 Piet Relief
C21 Majuba
C22 Kobar
C23 Forzando
C24 Grodenhoop
C25 Vaaluit
C26 Concor
C27 Witkrantz
C28 Kopermyr
C29 Arnot
C30 New Largo
C31 Leeuwofontein
C32 Maiba
C33 Kriel
C34 Rietspruit
C35 New Clydesdale
C36 Transvaal Navigation
C37 Haastfontein
C38 Blinkpan
C39 Optimum
C40 Optimum
C41 Coastal Coal
C42 Woestlaan
C43 Ekaboom
C44 Middleburg Mine
C45 Durha
C46 Wolwekrans
C47 Landau
C48 Hayford
C49 Greenside
C50 Tweeloftein
C51 Witbank Consolidated
C52 Khutala
C53 South Witbank
C54 Arthur Taylor
C55 Tavistock
C56 Kleinokoppe
C57 Phoenix
C58 Maggies Mine
C59 Goedehoop
C60 Van Dyks Drift
C61 Douglas Johannesburg
C62 Bank
C63 Blesbok
C64 Strathrae

C65 Nkomati Anthracite

LIST OF TORBANITE DEPOSITS

T1 Moolfontein 109 IT
T2 Schimmelhoek 272 IT
T3 Steenkopspruit 275 IT
T4 Blaauwkop 271 IT
T5 Zandspruit 302 IT
T6 Schimmelhoek 272 IT
T7 Mavriestad 321 IT
T8 Vastbank 285 IT
T9 Kromhoek 93 HT
T10 Johanneskop 103 HT
T11 Leeuwofontein 219 IR
T12 Kortlaagte 67 IS
T13 Driefontein 137 IS
T14 Bakenlaagte 84 IS
T15 Herpsfontein 610 IR

LIST OF POWER STATIONS

P1 Groenval
P2 Kriel
P3 Maiba
P4 Tutuka
P5 Amos
P6 Durha
P7 Kendal
P8 Wige
P9 Hendrina
P10 Majuba
P11 Camden
P12 Komati
P13 Matimba

REGION F DISTRIBUTION OF COAL MINES, TORBANITE DEPOSITS AND POWER STATIONS.

Development Region F

BOUNDARIES

Development Region
International
National
District

TOWNS

Proclaimed and major towns

ROADS

Main Roads

RAILWAYS

Railway Lines
Aerodromes

LEGEND

Limit of coal-bearing Ecga Group
Boundaries of coalfields
Coal Mines
Torbanite deposits
Power Stations

Witbank Coalfield
Highveld Coalfield
Eastern Transvaal Coalfield
South Rand Coalfield
Kangwane Coalfield

0 10 20 30 40 km
Development Bank of
Southern Africa.
Section: Quantitative Analysis
and Measurement, 1989

KART 5



STADSRAAD VAN WITBANK

I N D E K S

WITBANK STADSRAAD

A.	<u>FAKTORE</u>	1
1.	<u>BEVOLKING</u>	1
1.1	Inwoners	1
	a) Bevolkingsaanwas in die verlede.	1
	b) Huidige bevolking	3
	c) Huishoudinggroottes	3
1.2	Daaglikse invloed van elders	6
2.	<u>DIE MATE WAARIN DIE DORP WERKSGELEENTHEDE VOORSIEN</u>	7
2.1	Inwoners	7
2.2	Onliggende areas	7
2.3	Ekonomiese bedrywige bevolking	7
2.4	Die verskeidenheid van werksgeleenthede	11
3.	<u>EIENDOMSWAARDASIES SOOS VERVAT IN DIE STADSRAAD SE WAARDASTIEROL</u>	12
3.1	Eiendomswaardasies	12
3.2	Begroting	13
4.	<u>DIE MATE WAARIN DIE DORP VOORSIEN IN DIE BEHOEFTE VIR NOODSAAKLIKE DIENSTE VIR ALLE BEVOLKINGSGROEPE</u>	15
4.1	Brandweerdienste	15
	a) Voertuie	15
	b) Dienslewering	15
4.2	Ambulansdienste	15
	a) Voertuie	15
	b) Dienslewering	16
4.3	Burgerlike Beskerming	16
4.4	Sekuriteitsdienste	17
4.5	Verkeersdienste	18
	a) Provinsiaal	18
	b) Munisipaal	18
4.6	a) Lisensiëring	18
	b) Geregistreerde Voertuie in Witbank	19
4.7	Openbare parkering	19

5.	<u>SIVIELE DIENSTE</u>	20
5.1	Witbank Nasionale Varsproduktemark	20
5.2	Vliegveld	21
5.3	Begraafplase	21
6.	<u>VERBRUIKERSDIENSTE</u>	23
6.1	Water	23
6.2	Strate	26
6.3	Vullisverwydering	26
6.4	Riolering	26
6.5	Straatligte	26
6.6	Elektrisiteit	26
7.	<u>DIE VESTIGING OF UITBREIDING VAN HANDELS- EN NYWERHEIDSAKTIVITEIT-</u> <u>TE</u>	29
7.1.1	Besighede en kantore	29
a)	Vloeroppervlakte binne die sentrale sakegebied van Witbank	29
b)	Vloeroppervlakte binne die Klipfontein Besigheidsgebied	29
8.	<u>BOUPLANNE GOEDGEKEUR 1991/92</u>	30
9.	<u>BESKIKBAARHEID VAN GROND EN ERWE</u>	33
9.1	Woonerwe	33
9.2	Sakepersele	33
9.3	Industriële Persele	33
9.4	Grond vir verdere uitbreiding	33
9.5	Fisiese Infrastruktuur	33
10.	<u>ANDER ASPEKTE WAT GROEI SIMBOLISEER</u>	34

11.	<u>DIE BELANGRIKHEID VAN DIE DORP AS NASIONALE- OF STREEKSENTRUM VIR</u>	
	<u>DOELEINDES VAN</u>	35
11.1	Handel	35
	a) Kleinhandel	35
	b) Tipe besighede	35
11.2	Groothandel	36
11.3	Nywerheid	36
11.4	Landbou	37
11.5	Finansiële instellings	38
11.6	Versekeringsmaatskappye	39
11.7	Administratief	40
	11.7.1 Regeringstreekkantore	40
	11.7.2 Howe	40
	11.7.3 Polisiestasies	41
	11.7.4 Korrektiewe Dienste	42
	11.7.5 Streekdiensterade	42
	11.7.6 Ontwikkelingsdienste	44
	a) Distriksontwikkeling	44
	b) Streeksontwikkeling	45
	c) Streeksbeslegtingskomitee	47
11.8	Professioneel	48
	11.8.1 Argitekte	48
	11.8.2 Bourekenaars	49
	11.8.3 Ingenieurs	49
	11.8.4 Landmeters	49
	11.8.5 Beplanners	49
	11.8.6 Rekenmeesters en ouditeurs	49
11.9	Abattoir	49
12.	<u>GESONDHEID</u>	50
12.1	Hospitale	50
	a) Provinsiaal	50
	b) Privaat	51
	c) Klinieke	51
	i) Gesonde Baba-Kliniek	52
	ii) Evaluering van Babas en Kleuters	52
	iii) Immunisering en Beheer van Aansteklike Siektes	53

iv)	Besoeke aan Bewaarskole en Dagmoeders	53
v)	Gesinsbeplanning	54
vi)	Kankervoorkoming	54
vii)	Tuberkulose Beheer	55
viii)	Psigiatriese dienste	55
ix)	Geriatrisiese diens	56
x)	Tienervoorligting	56
xi)	Voorligting Primêre Gesondheid	57
xii)	Voorgeboortesorg	57
xiii)	Genetiese diens	57
ixv)	Streekvigsvoorkomingssentrum	58
xv)	Raad op Buitestedelike Gebiede kliniek	58
12.2	Mediese spesialiste	58
12.3	Algemene praktisyns	59
12.4	Tandartse	59
12.5	Nie-Persoonlike Gesondheidsdienste	59
(a)	Handelinge, ondersoeke en inspeksies	59
(b)	Varsprodukte Mark-inspeksies	60
(c)	Melkvoorsiening	61
(d)	Geraasbeheer	61
(e)	Voorligting	62
(f)	Lugbesoedeling	62
12.6	Reinigingsdienste	63
(a)	Metode van vullisverwydering	63
(b)	Straatreiniging	64
(c)	Stortingsterreine	64
12.7	Welsyns- en Diensorganisasies	65
13.	<u>OPVOEDKUNDIG</u>	66
13.1	Universiteit	66
13.2	Technikon	66
13.3	Kolleges	67
13.4	Hoërskole	67
13.5	Laerskole	67
13.6	Kleuterskole	68
13.7	Opleidingsentrums	68

14.	<u>KULTUREEL</u>	69
14.1	Biblioteke	69
14.2	Museums	69
14.3	Kunsgalerye	70
14.4	Stadskore	70
14.5	Toneelverenigings	70
14.6	Witbank Kultuursentrum	71
14.7	Ander Kultuurinstellings	71
	a) SOTSKV	71
	b) Concordia Musiekensemble	72
15.	<u>ONTSPANNING</u>	73
15.1	Formele ontspanning	73
15.2	Informele ontspanning	74
15.3	Sportklubs	75
16.	<u>LANDBOU</u>	77
17.	<u>MYNBOU</u>	78
18.	<u>MINERAALONIGINNING EN VERWERKING</u>	79
a)	Vanadium - Titaanhoudende Ystererts	79
b)	Konstruksiemateriaal	79
c)	Steenmakerye	79
d)	Minerale	79
19.	<u>KOMMUNIKASIE/VERBINDINGE</u>	80
19.1	Lugdienste	80
19.2	Padverbindings	80
19.3	Spoorverbindings	80
19.4	Posdienste	80
19.5	Telekommunikasiedienste	81
20.	<u>TOERISME</u>	82
20.1	Natuurreservaat	82
20.2	Woonwaparke	83
20.3	Hotelle	84
20.4	Inligtingsburo's	84
20.5	Skoue	84

21.	<u>HISTORIESE VERBINTENISSE, BESTAANSJARE EN GEOGRAFIESE BELANGRIKHEID VAN DIE DORP</u>	86
22.	<u>BESTAAN VAN WEERMAGSEENHEDE</u>	88
23.	<u>GODSDIENSTIGE BELANGRIKHEID VAN DIE DORP</u>	89
24.	<u>DIE MOONTLIKHEID VAN VERDERE GROEI</u>	90
25.	<u>WETTE, ORDONNANSIES EN ANDER VOORSKRIFTE</u>	91
26.	<u>BESKIKBAARHEID EN VERSPREIDING VAN INLIGTING</u>	92
	26.1 Televisie	92
	26.2 Radio	92
	26.3 Tydskrifte	92
	26.4 Dagblaaie	92
27.	<u>POSISIE IN NASIONALE HIËRARGIE VAN DORPE EN STEDE</u>	94
28.	<u>WITBANK STREEKSABATTOIR</u>	96

B.	<u>KRITERIA</u>	97
1.	<u>GRADERING</u>	97
2.	<u>TOTALE BEVOLKING EN REGSGEBIED</u>	97
3.	<u>INVLOEI VAN WERKERS</u>	97
4.	<u>MUNISIPALE WAARDASIE</u>	97
5.	<u>BEDRYFSUITGAWE</u>	98
6.	<u>KAPITAALUITGAWE</u>	98
7.	<u>AANTAL ERWE</u>	98
8.	<u>AANTAL NYWERHEDE</u>	98
9.	<u>JAARLIKSE ELEKTRISITEITSVERBRUIK</u>	98
10.	<u>JAARLIKSE WATERVERBRUIK</u>	98
11.	<u>REGERINGS EN/OF PROVINSIALE STREEKKANTORE</u>	98
12.	<u>LUGHAWENS</u>	99
13.	<u>SETEL : STREEKSDIENSTERAAD</u>	100
14.	<u>ONDERWYSINRICHTINGS</u>	100
15.	<u>STREEKSUITSAALSTASIE - TV</u>	103
16.	<u>STREEKSUITSAALSTASIE - RADIO</u>	103
17.	<u>NASTONALE VARSPRODUKTEMARK</u>	103
18.	<u>WEERMAGKOMMANDOMENT</u>	103

19.	<u>LUGMAGBASIS</u>	103
20.	<u>ANDER WEERMAGEENHEDE</u>	103
21.	<u>STADSTEATERS</u>	104
22.	<u>SPORT STREEKSHOOFKWARTIERE</u>	105
23.	<u>PRIVAAT PROFESSIONELE DIENSTE</u>	106
24.	<u>STREEKHOSPITAAL</u>	106

AFDELING A : FAKTORE

1. BEVOLKING

1.1 Inwoners

(a) Bevolkingsaanwas in die verlede


Die historiese aanwas vir die tydperk 1911 tot 1990 was soos volg:

BEVOLKINGSAANWAS VOLGENS RASSEGROEPE BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED

JAAR	BLANKE	KLEURLING/ASIAAT	JAAR	BLANKE	KLEURLING/ASIAAT
1911	901	92	1960	8 590	1 055
1921	1 919	135	1970	12 839	1 170
1936	2 772	193	1980	32 000	2 600
1946	4 263	262	1990	45 982	3 200
1951	5 289	305			

h Bevolkingsgroei koers van ongeveer 2% word gehandhaaf

BEVOLKINGSAANWAS BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN WITBANK



BEVOLKINGSAANWAS BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN WITBANK

(b) Huidige Bevolking

Volgens die huishoudinggroottes wat vir die Blanke bevolking van Witbank bepaal is, is die gemiddelde huishoudinggrootte 4 persone per huishouding. Volgens hierdie huishoudinggrootte en die aantal Blanke huishoudings in Witbank is die Blanke bevolking binne die munisipale gebied van Witbank bepaal. Die bevolking buite die munisipale gebied is verkry van statistiek wat vir Streek F beskikbaar gestel is.

Die totale bevolking van die inwoners binne en buite die munisipale gebied word soos volg beraam:

HUIDIGE BEVOLKING BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN WITBANK (STEDELIK)		DIE HUIDIGE BEVOLKING BUITE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN WITBANK (NIE-STEDELIK)	
Blankes	51 573	Swart	42 305
Kleurlinge	4 131	Ander	8 129
Asiate	3 728		

Die Swart bevolking in Kwaguqa munisipale gebied, aangrensend tot Witbank, word op ongeveer 160 000 inwoners geraam.

DIE VOLGENDE STATISTIEK GELD SLEGS VIR DIE BLANKE BEVOLKING VAN WITBANK EN IS VERKRY UIT 2 700 VRAELyste WAT AS EWEKANSIGE STEEKPROEF GEDIEH HET :

(c) Huishoudinggroottes

Die persentasieverdeling van die huishoudinggroottes volgens die aantal volwassenes en kinders per huishouding is soos volg:


HUISHOUDINGSGROOTTES VOLGENS AANTAL PERSONE PER HUISHOUDING VIR DIE
BLANKE BEVOLKING VAN WITBANK

VOLWASSENES

KINDERS

Aantal per huishouding	Aantal Res- pondente	%-Verde- ling	Aantal per huishouding	Aantal Res- pondente	%-Verde- ling
1	215	8	0	895	-
2	1 970	73	1	546	30
3	361	13	2	802	45
4 en meer	154	6	3	364	20
	-----	--	4 en meer	93	5
	2 700	100		-----	--
				2 700	100

%-VERDELING VOLGENS BEROEPSGROEPE BLANKE BEVOLKING VAN WITBANK



EKONOMIESE BEDRYWIGE BEVOLKING

VERDELING VAN HUISHOUDINGSGROOTTES
BLANKE BEVOLKING VAN WITBANK

1.2 Daaglikse invloed van elders

Die daaglikse invloed van werkers vind hoofsaaklik plaas vanaf die aangrensende dorp, Kwaguqa, met 'n bevolking van ongeveer 160 000 inwoners.

2. DIE MATE WAARIN DIE DORP WERKSGELEENTHEDE VOORSTEN

Volgens die Departement van Mannekrag is daar wel 'n aanvraag vir arbeid in die landbousektor, terwyl die aanbod wat die myne, kragstasies en nywerhede betref, die aanvraag oorskry.

2.1 Inwoners

Ongeveer 66 % van die manlike ekonomiese bedrywige bevolking en ongeveer 84% van die vroulike ekonomiese bedrywige bevolking is binne die munisipale gebied van Witbank werksaam.

2.2 Omliggende areas

Die nywerhede, myne en ESKOM rondom Witbank voorsien vele werksgelentheid aan inwoners van Witbank sowel as aan inwoners van Kwaguqa. Ongeveer 15 500 inwoners van Kwaguqa is ook binne Witbank werksaam.

2.3 Ekonomiese bedrywige bevolking

Die persentasieverdeling van die ekonomiese bedrywige Blanke bevolking van Witbank volgens die onderskeie beroepsgroepe is soos volg:

VERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BLANKE BEVOLKING VOLGENS
BEROEPSGROEPE

MANLIK

BEROEPSGROEPE		AANTAL RESPON- DENTE	% VERDE- LING
Profes- sioneel	Opvoedkundig, bv. onderwyser, dosent,	77	3
	Medies en verwante, bv. dokter, verpleër	36	2
	Tegnies, bv. in laboratorium, elektronika,	116	5
	plastiek Ander bv. prokureur, ingenieur, wetenskaplike	182	7
Besturende en klerklike werkers, bv. klerk, bestu- rende direkteur, boekhouer		354	14
Verkoopswerkers bv. winkel-assistent, petroljog- gie, versekeringsagent, smous, winkeleienaar		300	12
Vervoer- en kommunikasiewerkers bv. vragmotorbe- stuurder, taxibestuurder, telefonis, busbestuur- der, posbesteller		55	2
Diens-, sport- en ontspanningswerkers, bv. kok, kelner, haarkapper, ens.		226	9
Ambags- manne en halfge- skoolde werkers	Vakmanne en vakleerlinge, bv. skilders, loodgieters, motorwerktuigkundige	790	32
	Halfgeskoolde werkers, bv. operateurs	110	5
	Halfgeskoolde werkers, bv. toesighouers en voormanne	230	9
Boere en plaasarbeiders		3	-
		2 479	100


Gepensioeneerdes en werkloses is buite rekening gelaat.

VROULIK

BEROEPSGROEPE		AANTAL RESPON- DENTE	% VERDE- LING
Profes- sioneel	Opvoedkundig, bv. onderwyser, dosent,	177	12
	Medies en verwante, bv. dokter, verpleër	116	8
	Tegnies, bv. in laboratorium, elektronika,	4	-
	plastiek Ander bv. prokureur, ingenieur, wetenskaplike	16	1
Besturende en klerklike werkers, bv. klerk, bestu- rende direkteur, boekhouer		779	55
Verkoopswerkers bv. winkel-assistent, petroljog- gie, versekeringsagent, smous, winkeleienaar		211	15
Vervoer- en kommunikasiewerkers bv. vragmotorbe- stuurder, taxibestuurder, telefonis, busbestuur- der, posbesteller		9	1
Diens-, sport- en ontspanningswerkers, bv. kok, kelner, haarkapper, ens.		84	6
Ambags- manne en halfge- skoolde werkers	Vakmanne en vakleerlinge, bv. skilders, loodgieters, motorwerktuigkundige	12	1
	Halfgeskoolde werkers, bv. operateurs	9	1
	Halfgeskoolde werkers, bv. toesighouers en voormanne	6	-
Boere en plaasarbeiders		1	-
		1 424	100

Gepensioeneerdes, huisvroue en werkloses is buite rekening gelaat.

%-VERDELING VOLGENS INKOMSTE BLANKE BEVOLKING VAN WITBANK



2.4 Die verskeidenheid van werksgeleenthede

Die verskillende bedrywe wat werk verskaf in en om Witbank se %- bydrae tot die Bruto Geografiese Produk is soos volg:

Landbou	1,1
Mynwese	28,6
Fabriekswese	24,8
Elektrisiteit	21,5
Konstruksie	2,1
Handel	6,5
Vervoer	4,3
Finansieel	5,2
Gemeenskapsdienste	6,0

Geen akkurate statistiek ten opsigte van werksgeleenthede is beskikbaar nie.

3. EIENDOMSWAARDASIES SOOS VERVAT IN DIE STADSRAAD SE WAARDASTEROL

3.1 Eiendomswaardasies

Die eiendomswaardasie volgens Stadsraad se rol op 1 Julie 1992 beloop R1 282 457 878-00.

1988/91 R1 156 042 119-00
 1991/94 R1 282 457 878 (Groeikoers 10,94%)

Waardasies	1981/82	1986/87	1991/92
1. Belasbaar			
1.1 Grond	91 143 540	207 682 650	239 437 779
1.2 Verbeterings (Nie-belasbaar)	221 947 300	612 355 000	863 052 200
2. Nie-Belasbaar			
2.1 Grond	106 144 500	148 657 800	214 357 158
2.2 Verbeterings			
Belasting inkomste	4 465 047	8 865 285	17 713 903

3.2 Begroting

Bedryfsbegroting 1991/92
1992/93

R105 248 200-00
R119 009 667-00

Kapitaalebegroting 1991/92
1992/93

R 19 831 432-00
R 20 179 700-00

	WERKLIKE SYFERS 1981/82	WERKLIKE SYFERS 1986/87	WERKLIKE SYFERS 1991/92
TOTALE INKOMSTE	19 463 614	50 702 024	108 509 079
Uitgawes:			
1. Elektrisiteitsaankope	7 207 979	17 119 468	32 018 493
2. Water aankope (Eie dam en suiweringswer- ke)	2 674 277	5 584 418	15 410 692
3. Streeksverband			
3.1 Indiërgebied	12 065	29 263	1 212 805
3.2 Kleurlinggebied	179 858	648 888	1 358 021
3.3 Varsproduktemark	259 891	375 593	791 230
3.4 Skouburg	-	2 576 382	4 223 741
3.5 Blanke behuising	6 705	144 261	196 921
4. Kapitaalprojekte	16 366 310	8 064 271	21 751 020

INKOMSTE	108 509 079
Gesamentlike Inkomste- en Uitgawestaat	
Eksterne rente verdien: Gekonsolideerde Leningsfonds	3 133 449
Trustfondse: (Alle rente uitgesluit)	1 288 308
Parkeermeters	175 570
Paaiesubsidie	-
Bydrae deur Dorpseienaars	203 625
- Begiftiging : Parke Ontwikkeling	-
: Begraafplaas	-
: Paaie en Vloedwater	-
- Hoofgeleidings : Elektrisiteit	163 698
: Riool	
: Water	
- Ontwikkelingsbydrae	-
- Parkering	-
Dorpstigting : Slegs erfverkope	50 639

4. DIE MATE WAARIN DIE DORP VOORSIEN IN DIE BEHOEFTES VIR NOODSAAKLIKE DIENSTE VIR ALLE BEVOLKINGSGROEPE

4.1 Brandweerdienste

(a) Voertuie :

- 1 Skuimeenheid (Swaar brandweerpomp)
- 1 Swaar brandweerpomp-leereenheid
- 2 Medium brandpompeenhede
- 1 Ligte pomp/reddingseenheid
- 1 Waterdraer/swaar brandweerpompeenheid
- 2 Grasbrandeenhede
- 1 Skuindraer
- 1 Reddingsleepwa
- 1 Skuimsleepeenheid

(b) Dienslewering :

Brandweerdienste word op 'n 24 uur-basis aan die gemeenskappe van Witbank en Kwagqga gelewer. Humanitêre dienste word aan die gemeenskappe buite die stedelike gebied gelewer. Brandvoorkomingsdienste word deurlopend binne die Witbank munisipale gebied gedoen. Die aantal brandweerdienste wat gedurende 1992 gelewer was, is 246, terwyl 39 reddings uitgevoer was.

4.2 Ambulansdienste

(a) Voertuie :

- 8 Ambulanse
- 1 Pasiënte-bussie
- 1 Reaksievoertuig

(b) Dienslewering :

'n 24 uur-diens word in die hele Witbank landdrosdistrik gelewer en word vanuit 'n sentrale beheerkamer in Witbank beheer.

Die personeel van die Departement Beskermingsdienste lewer ambulans- en brandweerdienste as 'n gesamentlike diens. Die personeel beklee die volgende poste:

Ambulansbestuurders
Brandweermanne
Verkeersbeampies.

Gedurende 1992 is 4 495 ambulansdienste gelewer.

4.3 Burgerlike Beskerming

Die Stadsraad beskik oor 'n "A"-gradering.

'n Noodbestuursentrum is in die Burgersentrum geleë wat uit 'n beheer-, kommunikasie- en rampontledingsentrum bestaan. Dié sentrum is volledig toegerus aan die hand van provinsiale voorskrifte. Die diens word ook aan die Indiër- en Kleurlinggemeenskappe gelewer. Opleiding in burgerlike beskerming word ook aan inwoners van Kwaguqa, Phola, Schoongezicht, Pine Ridge en die omliggende landelike gebiede verskaf.

Burgerlike beskermingsafdelings is ook reeds in die landelike gebiede Witbank-Suid en Witbank-Noord gevestig.

Terwyl geen gemeenskap ooit daarop kan roem dat hy 100% paraat is nie, kan die groot bydrae wat die burgerlike beskermingskorps van Witbank oor die afgelope jare gelewer het om die inwoners van Witbank tot paraatheid aan "te spoor en toe te rus, nie gering geskat word nie. Hierdie besondere funksie word deur die Departement Beskermingsdienste met die samewerking van die onderskeie departemente en hulle personeel, verrig en behels onder andere die volgende:-

- * Aanbieding van opleidingskursusse in noodhulp en brandbestryding;
- * die reëling en aanbieding van toepaslike uitstallings;
- * skakeling met skole, organisasies, nywerhede, die sake-sektor en ander in verband met paraatheidsoptredes;
- * hulp met praktiese ontruimingsoefeninge;
- * verspreiding van nuusitems en inligtingstukke;
- * die opberging van noodmediese toerusting, en
- * hulpverlening met burgerlike beskermings-organisasie in aanliggende gebiede.

4.4 Sekuriteitsdienste

Die Sekuriteitsafdeling van die Stadsraad bestaan uit 33 amptenare in uniform wat raadseiendom bewaak asook begeleidingsdienste hanteer. 'n 24 Uur-diens, word 7 dae per week gelewer. Sekuriteitsdienste word verder deur verskeie privaat sekuriteitsondernemings in Witbank onderneem.

4.5 Verkeersdienste

(a) Provinsiaal

Die streekskantoor van die TPA is te Middelburg geleë en word wetstoepassing op twee deurpaaie, die N4 en N12, gesamentlik met die verkeersafdeling van Witbank, hanteer.

(b) Munisipaal

Die verkeersafdeling bestaan uit 3 onderafdelings, te wete wetstoepassing-, tegniese- en verkeersadministrasie.

Die personeelkorps van die verkeersafdeling bestaan uit 22 wetstoepassingsbeamptes, 11 werksaam by die tegniese afdeling en 3 by die verkeersadministrasie.

Twee beamptes hanteer inspeksies ten opsigte van handels- en hondelisansies. Die verkeersbeamptes is ook opgelei in brandbestryding en ambulansdienste en word ook as sodanig aangewend. 'n Honde-eenheid bestaande uit 6 hanteerders en 6 honde, maak ook deel uit van die verkeersafdeling.

4.6(a) Lisensiëring

Gedurende 1992 is 1 378 bestuurderslisensies uitgereik. 'n Totale aantal van 7 984 motorvoertuie is getoets en 'n bedrag van R91 085 is vir hondelisansies gevorder.

(b) Geregistreeerde voertuie in Witbank

Daar is tans 79 094 geregistreeerde voertuie in Witbank waarvan 535 geregistreeerde huumotors is en 785 ander openbare voertuie.

4.7 Openbare parkering

Tydens sekere spitstye word tekorte ondervind, maar andersins is genoegsame parkering beskikbaar.

Daar is 713 parkeermeters in die sentrale besigheidsgebied en 330 straat parkeervakke vir gratis parkering.

Drie parkeerterreine in die sentrale besigheidsgebied word deur betaal- en vertoonstelsels beheer en parkeergeriewe vir 900 voertuie word voorsien. Ses privaat parkeerterreine bied gratis parkering aan ongeveer 2090 voertuie.

5. SIVIELE DIENSTE

5.1 Witbank Nasionale Varsproduktemark

'n Nasionale Varsproduktemark is in Witbank geleë. 'n Volledige inspeksie- en graderingsdiens word ingevolge die Bemerkingswet op beheerde produkte uitgevoer. Die hoofafsetgebied is die Hoëveld.

Die groei in omset en massa word in onderstaande tabel aangedui:

BOEKJAAR EINDE JUNIE	OMSET IN RAND	%TOENAME/ AFNAME	MASSA VERKOOP IN METRIEKE TON	%TOENAME/ AFNAME OMSET
1992	14 163 846	+ 17,58%	24 667	+ 6,39
1991	12 046 538	+ 32,04%	23 186	+ 19,35
1990	9 123 105	+ 14,97%	19 427	- 11,97
1989	7 934 668	+ 5,81%	22 313	+ 0,64%
1988	7 498 655	+ 15,59%	22 168	+ 4,16%
1987	6 487 488	+ 9,73%	21 283	- 15,83%

5.2 Vliegveld

'n Goed toegeruste gelisensieerde vliegveld bestaan, met 'n vliegklub en twee opleidingsinstellings.

Die vliegveld is 5km buite Witbank geleë en bestaan uit:

- * 'n oppervlakte van 105 hektaar.
- * twee aanloopbane - gras en teer.
- * teeraanloopbaan 1,25km in lengte en 45 meter breed geregistreer as grasaanloopbaan aangesien die teerblad nie die vereiste breedte is nie.
- * grasaanloopbaan 1,5km in lengte en 45 meter breed.
- * vliegveld gelisensieer vir dagvlugte. Beligting word tans aangepas vir nagvlugte.
- * een eindpuntgebou/beheertoring, word net naweke benut.
- * aantal vlugte : 3686 per jaar.
- * aantal passasiers : 1144 per week.
- * aantal lugvaartuie gehuisves : 25 vliegtuie.
- * een privaat lugredery, gevestig.
- * vorm belangrike deel van Witbank en omgewing se burgerlike beskermingsplan. Departement van Vervoerdienste het reeds 'n V.O.R.-baken by die lughawe opgerig.
- * 'n Privaat koerierdiens gebruik ook die fasiliteite.

5.3 Begraafplase

Die volgende begraafplase word deur die Stadsraad in die Witbank munisipale gebied bedryf:

- * Joubertsrust
- * P.R.M.P.-begraafplaas.
- * Moslem- en Hindoe-begraafplase langs die P.R.M.P.-begraafplaas.
- * Begraafplaas vir Schoongezicht woongebied.
- * 'n Begraafplaas in Clewer.
- * 'n Moslem en Hindoe-begraafplaas vir inwoners van Pine Ridge.

'n Streeksbegraafplaas vir alle rasse-groepe word vir die toekoms in die vooruitsig gestel.


6. VERBRUIKERSDIENSTE

6.1 Water

Witbank beskik oor die grootste munisipale dam in Suidelike Afrika wat water aan die dorp voorsien. 4 Reuse pompe pomp water (69,7 Ml/dag) vanaf die Witbankdam na die suiweringswerke en vir rouwatervoorsiening. Water word deur die Witbank watersuiweringswerke gesuiwer en ook aan Kwaguqa, Schoongezicht en Phola voorsien. Lengte van verspreidingslyne beloop 409 km. Water word aan ongeveer 271 000 mense in die distrik voorsien.

<u>SOORT VERBRUIK</u>		<u>VERBRUIKE IN MEGALITER</u>					
1991		JANUARIE	FEBRUARIE	MAART	APRIL	MEI	JUNIE
Rouwater na verbruiker		379,985	401,169	237,799	232,776	163,285	155,791
Rouwater gesuiwer		1 844,094	1 549,532	1 629,907	1 629,907	1 826,940	1 688,770
		JULIE	AUGUSTUS	SEPTEMBER	OKTOBER	NOVEMBER	DESEMBER
Rouwater na verbruiker		204,430	651,041	293,162	232,162	434,338	380,051
Rouwater gesuiwer		1 886,535	1 796,543	1 848,683	1 824,623	1 905,668	1 539,070
		2 090,965	2 447,584	2 141,845	2 056,785	2 340,006	1 919,121
1992		JANUARIE	FEBRUARIE	MAART	APRIL	MEI	JUNIE
Rouwater verbruiker		366,135	367,066	392,168	350,913	415,420	411,295
Rouwater gesuiwer		1 985,847	1 747,788	1 482,220	1 496,254	1 699,143	1 595,446
		2 351,982	2 114,854	1 874,388	1 847,167	2 114,563	2 006,741
TOTAAL :		25 306 Ml					

WATERVERBRUIK VAN WITBANK NYWERHEDE EN HUISHOUELIK 1991/1992



SOORT VERBRUIK

 Rouwater (nywerhede)
  Gesuiwer (huishoud.)

WATERVERBRUIK VAN WITBANK
 NYWERHEDE EN HUISHOUELIK
 1991/92

6.2 Strate

Die totale lengte teerstrate binne die munisipale gebied beloop 365 kilometer.

6.3 Vullisverwydering

Gedurende 1991 is 'n totaal van 224 997 m³ vullis op die hoof stortingsterrein mee weggedoen. 'n Tweede stortingsterrein word bedryf en aangewend vir tuinvullis.

6.4 Riolering

Daar is 3 rioolwerke in Witbank geleë. Die totale lengte rioollyn binne die munisipale gebied beloop 414 kilometer waarin 9794 werksruime voorkom. Daar word voldoen aan die Waterwet en ongeveer 247 000 mense word deur die rioolstelsel bedien.

6.5 Straatligte

Daar is tans 7 500 straatligte in Witbank geïnstalleer. Die gemiddelde jaarlikse begroting ten opsigte van straatligte beloop R1 032 000,00.

6.6 Elektrisiteit

Elektrisiteit is in 'n oormaat beskikbaar as gevolg van verskeie ESKOM-kragentrales in die direkte omgewing van Witbank, waaronder Duvha Kragstasie en Kendal Kragstasie.

KRAGVERBRUIK VAN WITBANK VOLGENS DIE KRAGAANKOPE VANAF ESKOM

Weens die omvang van kragverspreiding in Witbank, voorsien ESKOM krag aan alle verbruikers met aanvraag groter as 10MVA. Die maksimum aanvraag vir hierdie ESKOM-verbruikers binne die dorpsgrense is ongeveer 300MVA en die verbruiker binne 'n 15km-radius van Witbank 400MVA. Eenhede verbruik is onderskeidelik 2000 miljoen en 5000 miljoen kWh-eenhede vir die 1991/92-finansiële jaar. Witbank se eie maksimum-aanvraag was 80,8 MVA gedurende 1991/92.

KRAGAANKOPE VANAF ESKOM



JAAR

EENHEDE AANGEKOOP

1987/1988	333 miljoen
1988/1989	353 miljoen
1989/1990	342 miljoen
1990/1991	337 miljoen
1991/1992	334 miljoen

** Kragaankope vanaf ESKOM : (Sien aangehegte grafiek)

AANKOPE VANAF ESKOM



■ MwH

7. DIE VESTIGING OF UITBREIDING VAN HANDELS- EN NYWERHEIDSAKTIVITEITE

Die totale aantal besighede gedurende 1980 was ongeveer 703, terwyl dit tot ongeveer 1 700 in 1990 toegeneem het.

7.1 Besighede en kantore

Die huidige en potensiële besigheds- en kantoorvloeroppervlakte binne die vernaamste besighedsgebiede in Witbank is soos volg:

(a) Vloeroppervlakte binne die sentrale sakegebied

i) Besighedsvloeroppervlakte:

Huidiglik : 106 000m²

Potensiële : 240 000m²

ii) Kantoor- en besighedsvloeroppervlakte:


Huidiglik : 156 000m²

(b) Vloeroppervlakte binne die Klipfontein besighedsgebied

i) Besigheds- en kantooroppervlakte:

Totaal : 53 000m²

HOEEVEELHEID BOUPLANNE GOEDGEKEUR STADSRAAD VAN WITBANK 1991/1992



BOUPLANNE GOEDGEKEUR

 Hoeveelheid

MAAND	WOONEENHEDE		ONDERNEMINGS EN STAAT MUNS		AANBOUINGS		TOTAAL	
	HOEV.	WAARDE	HOEV.	WAARDE	HOEV.	WAARDE	HOEV.	WAARDE
1991								
JAN	4	450 950	2	1 032 650	45	1 094 575	51	2 578 175
FEBR	11	1 334 525			32	665 175	43	1 999 700
MRT.	7	1 068 825	4	3 846 400	31	1 396 225	42	6 311 450
APR	12	1 616 400	2	1 792 000	39	792 850	52	3 201 250
MEI	13	1 499 095			53	1 153 075	66	2 652 170
JUN	7	1 812 250	2	1 503 025	27	843 700	36	5 158 875
JUL	15	2 044 825	5	2 637 775	53	1 391 100	73	6 073 700
AUG	48	6 653 175	1	480 000	43	1 496 925	67	8 630 100
SEPT	24	4 795 075	5	1 436 125	35	1 247 425	64	7 478 625
OKT	10	1 964 050	3	1 569 000	26	654 075	39	4 187 125
NOV	25	2 659 075	2	379 200	23	883 050	50	3 921 325
DES	3	207 000			20	947 275	23	1 154 275
TOT	179	27 105 245	26	14 676 175	427	12 565 450	606	53 346 770

MAAND	WOONEENHEDE		ONDERNEMINGS EN STAAT MUNS		AANBOUINGS		TOTAAL	
	HOEV.	WAARDE	HOEV.	WAARDE	HOEV.	WAARDE	HOEV.	WAARDE
1992								
JAN.	33	4 323 450	1	157 500	22	1 830 425	56	6 311 375
FEBR.	20	2 829 750	1	74 500	43	1 165 500	64	4 069 750
MRT.	19	2 770 125	1	337 200	33	1 115 455	53	4 222 780
APR.	6	897 575			18	707 025	24	1 604 600
MEI	17	2 090 000	2	30 500	40	2 131 925	59	4 252 425
JUN.	8	1 062 275	3	3 110 156	32	999 275	43	3 164 706
JUL.	8	2 255 575			39	3 307 900	47	5 563 475
TOT.	111	16 228 750	8	3 709 856	227	11 250 505	296	29 189 111

9. DIE BESKIKBAARHEID VAN GROND EN ERWE

9.1 Woonerwe

Ongeveer 8 000 erwe wat reeds gediens is of geproklameerde erwe wat nog gediens moet word, is beskikbaar, asook 'n verdere ongeveer 6 500 hektaar vir residensiële ontwikkeling.

9.2 Sakepersele

Verskeie persele binne die sentrale sakegebied is nog beskikbaar. Die beskikbare onontwikkelde besigheidsvloeroppervlakte binne die sentrale sakegebied beslaan huidiglik ongeveer 100 000 m². (Sien asb. 7.1)

9.3 Industriële persele

Ongeveer 66 nywerheidserwe is huidiglik binne gevestigde nywerheidsgebiede beskikbaar vir ontwikkeling, terwyl nog ongeveer 270 erwe na dorpsstigting aan potensiële ontwikkelaars beskikbaar gestel kan word.

9.4 Grond vir verdere uitbreiding

Ongeveer 6 500 hektaar is tans binne die munisipale gebied van Witbank vir ontwikkeling beskikbaar.

9.5 Fisiese infrastruktuur

Die infrastruktuur is goed gevestig en die uitbreiding daarvan kan maklik geskied.

10. ANDER ASPEKTE WAT GROEI SIMBOLISEER

Witbank, saam met Middelburg, het reeds tot so 'n mate as eenheid ontwikkel dat dit as 'n sub-metropool in die Oos-Transvaal beskou word. Dié sub-metropool se distriksbevolking is reeds meer as 400 000.

Satelietskampusse van die Universiteit van Pretoria en die Pretoriase Technikon asook 'n Streekabattoir en Streekteater is in Witbank gevestig.

11. DIE BELANGRIKHEID VAN DIE DORP AS NATIONALE- OF STREEKSENTRUM VIR DOELEINDES VAN:

Verskeie handels, kommersiële en finansiële streekskantore is in Witbank gevestig en dien as invloedsgebied vir die hele streek.

11.1 Kleinhandel

11.1.1 Kleinhandel:

Witbank se kleinhandelsinvloedsgebied strek oor die hele Oostelike Hoëveld.

Witbank dien as handelsentrum vir die omliggende streek en bedien ondermeer die dorp Kwaguqa, omliggende myne en kragstasies.

2 482 Handelslisensies is in totaal gedurende 1992 uitgereik en kan as volg ingedeel word:

11.1.2 Tipe besighede:

Afdelingswinkels
 Algemene handelaars
 Korporasies
 Huishoudelike goedere
 Klerasie
 Motorhandel en verwante dienste
 Vervoer
 Professies
 Finansiering
 Dienstelewering
 Nywerheidsgoedere
 Voedsel

Die volgende superwinkels is reeds in Witbank gevestig: Pick a Pay (Superstore), O.K. Bazaars en Shoprite. Spar het ook 'n reeks gevestigde supermarkte in Witbank.

11.2 Groothandel

Verskeie groot verspreiders is in Witbank gevestig en net soos in dié geval van kleinhandel, bedien hierdie groothandelaars die omliggende streke. Hierdie groothandelaars sluit varsprodukte, varsmelkprodusente, farmaseutiese produkte, boumateriaal en verbruikersgoedere en duursame produkte in.

11.3 Nywerheid

Produkte wat plaaslik vervaardig word, word landswyd en op internasionale gebied bemark, met goed gevestigde kleiner ligte nywerhede ter ondersteuning. Veral swaar staalnywerhede en aanverwante bedrywe speel 'n belangrike rol. Witbank het sy ontstaan en belangrikheid te danke aan die beskikbaarheid van steenkool in die omgewing en verskeie myne bestaan in die omgewing.

Die nywerheidsektore in Witbank en omgewing is veral toegespits op elektrisiteitsopwekking, mynbou en konstruksieverwante bedrywe. Twee van ESKOM se grootste kragsentrales, Duvha- en Kendal kragstasies, is in die Witbank-omgewing geleë. Die twee kragsentrales het die vermoë om onderskeidelik 3450 MW en 3200 MW op te wek terwyl 'n kleiner sentrale in die omgewing, Wilge Kragentrale, 199 MW opwek. Dit verteenwoordig 17,69 van die totale opwekkingsvermoë (38 846 MW) van ESKOM. 70 % van die land se krag word in die Hoëveld opgewek en versprei. Matla- en Kriel kragsentrales wat ongeveer 60 km van Witbank, in die Kriel omgewing geleë is, wek onderskeidelik 3450 MW en 2700 MW op. Steenkoolmyne wat aan die Gencor- en Rand Mines-groep, behoort asook verskeie kleiner mynbou-instansies, is in die Witbank-omgewing

geleë en word steenkool gemyn waarvan 'n groot hoeveelheid vir die opwekking van elektrisiteit gebruik word. Die Departement van Mineraal en Energiesake se statistieke dui daarop dat binne 'n 60 km - radius rondom Witbank, met die Middelburg landdrosdistrik uitgesluit, 44 miljoen ton steenkool ontgin word wat 26,5 % van die totale gemynde ton steenkool in die Oos-Transvaal (166 miljoen ton) beloop. 95 % van alle steenkool in die Republiek van Suid-Afrika word in die Oos-Transvaal ontgin. 'n Groot persentasie van hierdie steenkool word ook uitgevoer en buitelandse valuta word daardeur verdien.

Een van die groot staalondernemings, Highveld Steel and Vanadium Corporation, is in Witbank geleë. Highveld Steel, Ferrometals, Transalloys en Rand Carbide is van die grootste verdieners van buitelandse kapitaal en word groot hoeveelhede staal uitgevoer, asook plaaslik gebruik.

Daar is 3 groot brandstofdepots wat brandstof aan die Oos-Transvaalstreek voorsien.

276 Benutte nywerheidserwe is in Witbank Munisipale gebied ontwikkel. (Geproklameerd).

11.4 Landbou

Gemengde boerdery wat akkerbou en veeproduksie (skape en beeste) insluit, kom voor. Die grond is suur en besproeiing uit fonteine, strome en damme vind op klein skaal plaas. Die hoofgewasse wat verbou word is mielies, bone, aartappels en sonneblomme. Die tipe weiding wat voorkom is oostelike suurbakenveld en die drakrag wissel vanaf 3 na 5 ha/grootvee eenheid. Die weiveldbedekking is redelik goed.

11.5 Finansiële instellings

Die volgende handelsbanke en bouverenigings is in Witbank gevestig:

- * Trustbank
- * Volkskas
- * Eerste Nasionale Bank
- * Standardbank (met streekkantoor)
- * Nedbank
- * Allied
- * United
- * Perm
- * NBS
- * Saambou Bank
- * Nedfin (Nedbank)
- * Bankfin (ABSA)
- * Stannic Finansieringshuis

11.6 Versekeringsmaatskappye

Die volgende versekeringsmaatskappye is in Witbank gevestig:

- * Old Mutual
- * Sanlam
- * Mutual and Federal
- * Santamversekering
- * Nedfin (Nedbank)
- * Bankfin (ABSA)
- * Stannic Finansieringshuis
- * Auto and General
- * IGI versekering
- * Liberty Lewensgenootskap
- * Metropolitan Lewensversekering
- * Prudential Assuransie (Liberty)
- * Momentum
- * Prestasi
- * Protea Assuransie

11.7 Administratief

11.7.1 Regeringskantore.

11.7.1.1 Die volgende regeringskantore, wat strëekkantore is, kom in Witbank voor, naamlik:

Departement van Binnelandse Sake

(Streekkantoor)

Departement van Mannekrag

(Streekkantoor van Noord-oos Transvaal)

Transvaalse Provinsiale Administrasie : Tak
Gemeenskapsontwikkeling

(Streekkantoor)

Departement van Mineraal en Energiesake

(Streekkantoor)

11.7.1.2 Die volgende regeringskantore, wat takkantore is, is in Witbank gevestig, naamlik:

Onderwys hulpsentrum

(Takkantoor)

Departement Gesondheidsdienste en Welsyn

(Takkantoor)

Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling

(Takkantoor)

Departement van Onderwys en Opleiding

(Takkantoor)

Ontvanger van Inkomste

(Streekkantoor vir volgende dorpe:

Witbank, Middelburg, Machadodorp, Carolina,
Badplaas, Belfast, Waterval Boven, Groblersdal,
Kwandebele.

Suid-Afrikaanse Bloedoortappingsdiens

(Takkantoor)

11.7.3 Polisiëring

Witbank beskik oor die grootste dienslewerende polisiekomponent in die Oos-Transvaal-gebied. Die polisiëringstake van Witbank en omliggende distrik kan soos volg ingedeel word:

- i.) Sigbare Polisiëring met Lt. Kolonel J.J. van Rensburg as bevelvoerder. Bouwerk aan 'n nuwe polisiestasie vir Witbank en distrik neem binnekort 'n aanvang en hierdie stasie, waarin die misdaadondersoekdiens ook gehuisves sal word, sal bydra dat die diens beter gesentraliseer word. Die polisiestasie en munisipale-polisiestasie in Kwaguga val ook onder beheer van bogenoemde bevelvoering;
- ii.) Misdaadondersoekdiens met 'n majoor as bevelvoerder;
- iii.) Misdaadinligtingsdiens met 'n luitenant as bevelvoerder;
- iv.) Kriminele Rekord Sentrum met 'n majoor as 'n bevelvoerder;
- v.) Afdeling Gemeenskapsverhoudinge met 'n majoor as bevelvoerder, en
- vi.) Trokdiefstaleenheid met 'n kaptein as bevelvoerder wat die hele Oos-Transvaal bedien.

11.7.4 Korrektiewe Dienste

Die Witbank Gevangenis is 'n volledige toegeruste gevangenis met die toepaslike geriewe. Die hoofkantoor vir Oos-Transvaal is ook hier gevestig.

11.7.5 Streeksdiensterade

Die Hoëveldse Streeksdiensteraad is in Middelburg gevestig, maar Witbank lewer belangrike insette tot die funksionering van die Streeksdiensteraad. Die stemkrag van Witbank bedra 30 % van die totale stemkrag.

Witbank en omgewing lewer die grootste inkomste in die Streeksdiensteraad-gebied en dit word gereflekteer teen die stempersentasie van die Stadsraad by die Streeksdiensteraad Hoëveld.

33% van die inkomste vanuit die streek (R39 693 702 vir 1992/93) word verkry vanuit die Witbank, Kwagaga, Phola en Ogies streek, sowel as die Landelike Rade.

Die huidige Streeksdiensteraad bestaan uit raadslede wat die volgende plaaslike liggame verteenwoordig:

<u>LIGGAAM</u>	<u>KRAGAANKOPE</u> 1991/92 R	<u>LEDE</u>	<u>STEMPERSENTASIE</u>
WITBANK	19 847 838	3	29,82
MIDDELBURG	10 914 924	2	15,40
KWAGUQA	8 664 286	2	13,02
KRAGVELD L/R	7 860 960	2	11,81
HOËVELD L/R	4 831 730	1	7,26
MHLUZI	2 519 825	1	3,79
LOSKOP L/R	2 140 855	1	3,22
PHOLA	1 529 008	1	2,28
GROBLERSDAL	1 471 977	1	2,21
MARBLE HALL	1 256 535	1	1,89
BELFAST	939 703	1	1,41
HENDRINA	649 840	1	0,97
OGIES	514 493	1	0,77
EASTDENE	472 544	1	0,71
KWAZAMOKUHLE	452 974	1	0,70
WATERVAL BOVEN	435 222	1	0,65
SCHOONGEZICHT	389 792	1	0,59
NASARET	382 948	1	0,57
PINE RIDGE	301 830	1	0,45
SIYATHUTHUKA	217 472	1	0,33
DULLSTROOM	215 534	1	0,33
ROOSSENEKAL	113 200	1	0,17
VAN DYKSDRIFT	78 040	1	0,12
EMIHONJEI	46 917	1	0,07
SAKHELWE	30 573	1	0,05
EMGWENYA	10 560	1	0,02
MACHADODORP		1	0,39
	66 560 883	32	100,00

11.7.6 Ontwikkelingsdienste

a) Distriksontwikkeling.

Die Stadsraad erken ook sy verantwoordelikheid om die sekretariaat van die DOK te voorsien en lewer hierdie diens ook reeds die afgelope nege jaar.

Huidiglik word daar gepoog om die funksie van die DOK oor te dra na die privaatsektor ten einde reg te laat geskied aan die beginsels van streekontwikkeling, naamlik dat dit 'n instelling is om privaatsektor die geleentheid te bied om insette te kan lewer en in deurvoering te gee aan die sentrale owerheid, in verband met sosio-ekonomiese ontwikkelingsaksies.

Die Witbank Ontwikkelingsforum het onlangs tot stand gekom en raadslede van Witbank speel 'n vername rol in die funksionering van hierdie forum. Verskeie organisasies, politieke partye, verenigings, ensovoorts verteenwoordig die gemeenskap op die forum. Die hoofdoel van die forum is om pro-aktief op te tree in die sosiaal-ekonomiese rekonstruksie-proses wat tans

landswyd aandag geniet. Die doelwit word bereik deur die herordening van die ontwikkelingsaktiwiteite, verbetering van kommunikasie, verhoudings en vertroue, die insameling van fondse en die koöptering van kundige persone.

b) Streeksontwikkeling

Die Stadsraad van Witbank het die afgelope nege jaar direkte en indirekte verteenwoordiging en deelname geniet op die Volle Komitee en verskeie Staande Komitees van die SOAK, soos :

- * Toerisme;
- * Infrastruktuur;
- * Handel en Nywerheid;
- * Bemaking, en
- * Verstedeliking.

'n Werknemer van die Stadsraad, mnr. H.C. du Plooy, is onlangs aangestel as volle lid van die SOAK.

Voorts het die Stadsraad van Witbank belangrike bydraes gemaak tot verskeie projekte, studies en strategieë van die SOAK en het die Stadsraad ook verskeie bydraes

gelewer en ontwikkelingsgedagtes geïnisieer soos die daarstelling van die Witbank/Middelburggebied as sekondêre stedelike gebied en die ontwikkeling van 'n toerismestrategie vir die Oos-Transvaal. Die daarstelling van 'n voltydse sekretariaat vir die SOV is nog 'n saak wat deur die Stadsraad geïnisieer is.

As die grootste dorp in die Oos-Transvaal, erken en vervul die Stadsraad van Witbank 'n leidinggewende rol op die gebied van streekontwikkeling.

Die Stadsraad van Witbank het nege jaar gelede verantwoordelikheid vir die sekretariaat van die Suidoos-Transvaalse Streekontwikkelingsvereniging (Streek 27) aanvaar, welke diens steeds gelewer word.

'n Voormalige raadslid en Burge-meester, mnr. P.P. Broodryk, het vir geruime tyd voor sy aanstelling as Voorsitter van die Streeksdiens-teraad Hoëveld, die amp van Voorsitter van die SOV en lid van die SOAK bekleed. Hy is opgevolg as

lid van die Uitvoerende Komitee deur die Voorsitter van die Bestuurskomitee, raadslid G.F.C. Voss, wat hierdie posisie vir twee jaar bekleë het.

Die voormalige Stadsklerk, mnr. J.D.B. Steyn, het vir een jaar, in die beginjare van die SOV, die amp van Sekretaris bekleë, waarna hy tot en met sy aftrede in November 1990 gedien het as lid van die Uitvoerende- sowel as die Dagbestuur van die Vereniging.

Die Stadsraad van Witbank word huidiglik op die Uitvoerende Komitee van die Vereniging verteenwoordig deur die Stadsklerk, mnr. J.H. Pretorius.

c) Streekdispuutbeslegtingskomitee

Die hoofkantoor van die Streekdispuutbeslegtingskomitee vir Streek F is in Witbank gevestig. Die Verenigde Volke se waarnemerspan, wat die vredesproses in die hele Hoëveldstreek monitor, is ook hier gevestig.

11.8 Professioneel

Witbank beskik oor 'n groot aantal professionele persone wat 'n verskeidenheid professionele dienste lewer, onder andere :

4	Argitekte
22	Belastingkonsultante
1	Bourekenaar
1	Geoloog
229	Ingenieurs
3	Landmeters
5	Geoktrooieerde Rekenmeesters
36	Prokureurs
4	Raadgewende Ingenieurs
3	Stads- en Streekbeplanners
4	Veeartse
591	Onderwysers
83	Algemene praktisyns
12	Tandartse
21	Mediese Spesialiste (Patoloë, radioloë, chirurge, ginekoloë, oogspesialiste, ortopedis, oor-neus-keel, dermatoloog, neuro-chirurg, ortopediese chirurg, narkotiseurs)
4	Fisioterapeute
1	Spraakterapeut
2	Dieëtkundiges
2	Sielkundiges
2	Begrafnisondernemers
1	Water Laboratorium
1	Steenkool Laboratorium

(a) Argitekte.

Vier goed gevestigde argiteksfirmas is hier geleë en praktiseer nie net in Witbank nie, maar ook in die streek.

(b) Bourekenaars.

Een firma is gevestig.

(c) Ingenieurs.

Die Stadsraad beskik oor professionele ingenieurs wat in Witbank en die streek belangrike bydraes lewer. 'n Verdere ongeveer vyf ingenieursfirmas is al hier gevestig wat ook binne en buite die dorp werksaam is.

(d) Landmeters.

'n Goed gevestigde landmetersfirma bestaan in Witbank.

(e) Beplanners.

Die Stadsraad beskik oor twee professionele stadsbeplanners, terwyl 'n gevestigde firma met stads- en streeksbeplanners in Witbank en die streek werksaam is.

(f) Geoktrooieerde Rekenmeesters.

Ongeveer vyf geoktrooieerde rekenmeesters-firmas is hier gevestig.

11.9 Abattoir

Die Abattoir Korporasie beskik oor 'n A-graad, klas 2-streekabattoir met 'n slagkapasiteit van 250 beeseenheide per dag. Ruim onderdak, meerdoelige kraalruimtes, asook ruim verkoelingsgeriewe en verkoelde uitlaai-areas maak deel uit van die abattoir. Die abattoir bedien Witbank, Middelburg, Ogies, Balmoral en omgewing.

12. GESONDHEID12.1 Hospitale

(a) Provinsiaal

Die Witbankse Hospitaal is in 1931 in gebruik geneem, opgegradeer en uitgebrei deurdat in 1991 nuwe teaters, 'n kraameenheid, ongevalle en buitepasiënt-fasiliteite gebou is.

Die verdeling van beddens by die hospitaal is soos volg:

5 Teaterbeddens
 56 Kinderbeddens
 92 Chirurgies
 121 Medies
 16 Kortverblyf
 4 Intensiewe sorg
 60 Kraambeddens

Totaal 324

Gevalle 1992

Toelatings	- 20 939
Buitepasiënte en ongevalle	- 39 340
Chirurgiese operasies	- 4 788

Die breë gemeenskap van Witbank, sowel as die aangrensende dorp, Kwaguqa, word deur die hospitaal bedien. 'n Helistop is opgerig ten einde voorsiening te maak vir die vinnige vervoer van pasiënte wat kritiek beseer of ongesteld is.

b) Privaat

'n Privaathospitaal (Kosmos Hospitaal) in die dorp beskik oor 98 beddens. Die hospitaal is in die Kosmosentrum, Presidentlaan, geleë. Die hospitaal beskik oor 4 teaters.

Die verdeling van beddens by die hospitaal is soos volg:

4 Teaterbeddens

8 Kinderbeddens

4 Intensief

82 Medies / Chirurgies beddens.

Ongeveer 875 pasiënte word per maand hier opgeneem.

'n Teringshospitaal met 100 beddens is deur SANTA binne die munisipale gebied van Witbank gevestig.

c) Klinieke

Munisipale klinieke vir Blankes, Kleurlinge en Indiërs word bedryf, terwyl die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling ook klinieke bedryf. Die volgende dienste word by die onderskeie klinieke gelewer:

i) Gesonde Baba-Kliniek

Hierdie diens help met die monitering van die groei en ontwikkeling van jong kinders en kleuters van geboorte totdat hulle skoolpligtig is. Borsvoeding word geesdriftig aangemoedig en waar nodig word daar instruksies gegee oor komplementêre en aanvullende voeding wanneer daar met vaste kos begin word. Moeders word aangemoedig om die groeikaart as gids vir hul kinders se ontwikkeling te gebruik.

<u>Bywoningsyfers</u>	<u>1992</u>
Blankes -	7 739
Kleurlinge -	742
Asiërs -	74
Swart (In Witbank dorp) -	458

ii) Evaluering van Babas en Kleuters

Evaluering word op verskeie ouderdomsvlakke gedoen. Leiding word aan ouers gegee met die hantering en stimulering van die kind en indien nodig word probleemgevalle na algemene praktisyns verwys.

iii) Immunisering en Beheer van Aansteeklike Siektes

Alles moontlik word gedoen om 'n hoë vlak van immuniteit te bereik teen oordraagbare siektes soos tuberkulose, witseerkeel, kaakklem, kinkhoes, poliomiëlitis en masels, deur kinders in hulle kleintyd te immuniseer. By alle laerskole en hoërskole binne die munisipale gebied word daar BCG-immuniserings aan alle graad een-, standerd vyf- en matriekleerlinge gegee. Spesiale maselvoorkomingsveldtogte word geloods om ouers van die komplikasies wat die siekte kan meebring, bewus te maak.

iv) Besoeke aan Bewaarskole en Dagmoeders

Dagmoeders doen by die Stadsraad aansoek om as dagmoeders te registreer. Die moeder word dan deur 'n gesondheidsinspekteur en 'n verpleegkundige tuis besoek, waarna 'n aanbeveling gemaak word of die dame geskik is vir die versorging van kinders al dan nie. Hierdie dames word ook aangeraai om aansoek te doen by die Dagmoedervereniging vir registrasie. Besoeke aan dagmoeders en bewaarskole word gedoen om veral toe te sien dat algemene higiëniese standaarde gehandhaaf word, dat alle kinders goed versorg word en geimmuniseer is.

1992

Dagmoeders en bewaarskole besoek - 414
Aantal immuniserings gedoen - 569

v) Gesinsbeplanning

Gesinsbeplanningsdienste word waar moontlik saam met kindergesondheid- en immuniserings-klinieke gelewer. 'n Ginekoloog doen twee-weekliks diens wanneer binnebaarmoeder-toestelle ingeplaas en probleme bespreek word.

Hierdie is 'n uiters konfidensiële diens en word die verpleegkundige dikwels as 'n vertroueling gesien waar sy dan raad en verwysings moet doen in verband met huislike, seksuele en ander probleme. 'n Totaal van 8 847 persone het die klinieke gedurende 1992 besoek.

vi) Kankervoorkoming

Papsmere word op 'n twee-weeklikse-basis gedoen en kliënte word aangemoedig om van die diens gebruik te maak. Diegene met tekens van verdagte atipiese en ligte tot gematigde displasiese servikale selpatologie word gemonitor, terwyl diegene met ernstige displasie of positiewe tekens van karsinoom insitu, vir verdere ondersoek en behandeling na die provinsiale hospitaal of na hulle private geneeshere verwys word. Gepaardgaande met hierdie diens word borsondersoek uitgevoer en word die selfondersoek van die bors aan vrouens geleer.

vii) Tuberkulose Beheer

Die beleid is om soveel pasiënte moontlik as buitepasiënte te behandel. Roetine B.C.G.-immuniserings van pasgeborenes word in die kraamafdeling van die provinsiale hospitaal toegedien en 705 B.C.G. - immuniserings was gedurende 1992 gedoen.

75 Sputum-monsters was gedurende 1992 geneem waarvan 3 positief was. Om tuberkulose aan bande te lê, word daar veral gekonsentreer op die groepe in die gemeenskap wat aan die grootste gevaar blootgestel is, naamlik voor-skoolse- en skoolkinders. Die B.C.G.-immuniseringsprogram behels dat alle skole binne die munisipale gebied tydens die eerste kwartaal van die jaar besoek word en immuniserings aan alle graad een-, standaard vyf- en matriekleerlinge toegedien word.

viii) Psigiatriese Dienste

Lokale van die gesondheidsentrum word beskikbaar gestel aan die Psigiatriese Gemeenskapsdiens vanaf Pretoria elke derde Donderdag van die maand. 879 Pasiënte was gedurende 1992 gekonsulteer en as buitepasiënte behandel. Die diens word slegs op 'n afspraak-basis gelewer.

ix) Geriatrisiese Diens

'n Gesondheidsbevorderingsdiens word aan alle bejaardes van 60 jaar en ouer gebied. Geriatrisiese diens sluit huisbesoeke in ten einde die bejaarde se vermoë om die daaglikse lewe te kan hanteer, asook huislike omstandighede te evalueer. 'n Geneeskundige-beampte doen by die verskillende bejaarde-sentrums op 'n gereelde basis aan ten einde 'n volledige mediese ondersoek en evaluering van die bejaardes te doen. Opvolg-huisbesoeke hang af van die bevindings tydens die eerste huisbesoek en die vermoë van die pasiënt om homself te kan help.

x) Tienervoorligting

Die doel is om tieners voor te berei vir hul rol as volwassenes, om hul eie liggame en emosies te ken en te verstaan, om die proses van bevrugting en geboorte te verstaan, om die implikasies van vroeë seksuele verhoudings te verstaan, om wetgewing ten opsigte van seksuele verhoudings met minderjariges te verstaan en om meer te wete te kom oor seksuele oordraagbare siektes, vigs, kanker, dwelms en kindermolestering.

xi) Voorligting Primêre Gesondheid

Gesondheidsvoorligting bly 'n integrale deel van die pligte van alle personeellede. In die aanraking met elke kliënt of pasiënt is daar 'n opvoedkundige komponent. Die beleid van voorligting aan klein groepies en aan individue by die gesondheidsentrums en in die gemeenskap, word daadwerklik geïmplimenteer.

xii) Voorgeboortesorg

Swangerskap, kraam en peuperium, is 'n natuurlike aangeleentheid in enige vrou se lewe en sy behoort sover moontlik deur al die stadiums te gaan sonder skade aan haar gesondheid as gevolg daarvan. Deur voorgeboorte klasse word kennis oorgedra wat lei tot 'n ontspanne swangerskap en geboorte. Die belangstelling en bywoning is besonder goed.

xiii) Genetiese Diens

Dié diens is ingestel vir die vroeë opsporing en behandeling van genetiese afwykings. Gevalle wat tydens tuisbesoeke of kliniekbeseke waargeneem word, word vir behandeling verwys. Baie gevalle word ook op 'n vroeë stadium deur geneeshere vir verdere opvolging verwys.

ixv) Streek Vigsvoorkomingssentrum

'n Vigsvoorkomingssentrum is met ingang 1 Desember 1992 in die Burgersentrum van Witbank Stadsraad gevestig en vigsvoorkomingsopleiding van die volgende Landdrosdistrikte word vanuit hierdie sentrum beplan, georganiseer en gekoördineer:

Groblersdal	Standerton
Witbank	Ermelo
Middelburg	Amersfoort
Balfour	Volksrust
Hoëveldrif	Wakkerstroom
Bethal	Piet Retief

xv) Raad op Buite Stedelike Gebiede-Kliniek

Die Raad op Buite Stedelike Gebiede bedien ook 'n kliniek wat in Witbank gevestig is vir die uitsluitlike gebruik van persone buite die munisipale gebied van Witbank woonagtig.

12.2 Mediese Spesialiste

Ongeveer 13 mediese spesialiste praktiseer in Witbank en sluit pataloë, radioloë, chirurge, ginekoloë, oogspesialiste en oor/neus/keel-spesialiste in.

Mediese Spesialiste	- 8
Besoekende Spesialiste	- 4
Radioloë	- 5
Patoloë	- 3
Sielkundiges	- 2

12.3 Algemene Praktisyns

Meer as 10 praktyke wat nie net Witbank nie, maar ook die streek bedien, is in Witbank gevestig.

Algemene Praktisyns	- 46
Besoekende Praktisyns	- 5
Hospitaal Dokters	- 9

12.4 Tandartse, insluitende Spesialiste

Ongeveer 12 tandartse is in Witbank gevestig.

12.5 Nie Persoonlike Gesondheidsdienste

Omgewingsgesondheid is die fundamentele basis van voorkomende openbare gesondheid en hierdie afdeling ondersoek die omgewingstoestande wat skadelik vir die gesondheid van 'n gemeenskap kan wees, evalueer die toestande, gee advies en tref maatreëls om daardie toestande te beheer.

- a) Die volgende weerspieël sommige handeling, ondersoeke en inspeksies wat gedurende 1992 plaasgevind het:

Restaurante/Kafeehouers	1 060
Kinderversorgoorde	196
Vrugte, Groentewinkels	316
Slaghuisse	448
Voedselabriekes	57
Haarkappersalonne	172

Markdiens	312
Hotelle, Losieshuise, Verblyfondernemings	39
Bakkerie	277
Ander Voedselpersele (Supermarkte)	750
Nywerhede	111
Werkswinkels	186
Motorhawens	119
Omgewingsdienste	2 779
Woonpersele	521
Voedselafleweringsvoertuie	72
Bouplanne / Uitlegplanne	466
Klagtes	398
Lisensieaansoeke	445
Lugbesoedeling	644
Vervolgings	33
Statutêre Kennisgewings	2 081

b) Varsprodukte Mark-inspeksies

Die Witbank Nasionale Varsprodukte Mark word daaglik geïnspekteer. 'n Voltydse gesondheidsbeampte/gradeerder van die Departement Gesondheidsdienste is verantwoordelik vir die inspeksie en kontrolering van alle produkte wat vir verkoop by die mark aangebied word. 'n Totaal van 423 151 kg. groente en vrugte was afgekeur as ongeskik vir menslike gebruik. Twintig monsters is geneem en deur die staatslaboratorium ontleed vir moontlike kontaminasie deur onkruidodors en aanwesigheid van parasiete. Alle monsters was bevredigend.

c) Melkvoorsiening

Die melk vir menslike verbruik word verkry van ses gelisensieërde melkerye waarvan" daar een produsent - distribueerder in die munisipale gebied is en die res buite die grense sover as Germiston en Johannesburg. Slegs gepasteuriseerde melk word in die munisipale gebied toegelaat. Dit is 'n doelwit van die Departement Gesondheidsdienste om te alle tye te verseker dat 'n gesonde produk van hoë gehalte die verbruiker bereik.

d) Geraasbeheer

Onder die Geraasbestrydingsverordeninge van Witbank kan inspektoraat pro-aktief optree in ondersoek sonder dat klagtes eers ingedien moet word. Tydens aansoeke om dorpsstigting en ook met die nasien van alle bouplanne wat ingedien word, word belangrike insette gelewer ten opsigte van geraasvoorkoming. Daar word veral gelet op die plasing van nywerhede, motorgarages en werkwinkels ten einde oorlaste te voorkom. Die Departement Gesondheidsdienste skakel ook nou met die Stadsbeplanningsafdeling in gevalle waar hoë orde paaie binne die dorp se regsgebied beplan word.

e) Voorligting

Groot klem word op die verskeie aspekte van gesondheidsvoorligting gelê. Aksië's wissel van die normale gesondheidsvoorligting by voedselpersone tot formele gesondheidsvoorligtingsessies. Vierhonderd en veertig persone het gedurende die jaar 1992 lesings bygewoon. Praktiese indiensopleiding word ook aan student-gemeenskapsgesondheidsverpleegsters en gesondheidsbeampes gelewer. Die beskikbaarstelling van toepaslike lektuur en brosjures asook gesondheidsinligting en praatjies aan organisasies, groepe en skoolleerlinge kry groot aftrek. Die Stadsraad van Witbank is ook 'n geakrediteerde opleidingsentrum vir student-verpleegkundiges en omgewingsgesondheidsbeampes.

f) Lugbesoedeling

Grondvlak besoedelingskonsentrasies van rook en swaweldioksied in die munisipale regsgebied van Witbank is deur die jaar gemonitor deur die Departement Gesondheidsdienste by vier moniteringstasies. Lesings word driemaal per week geneem en vorm deel van 'n nasionale netwerk in samewerking met die WNNR. Gedurende die jaar is verskeie klagtes ondersoek deur die Stadsraad se rookbeheerbeampte waar oormatige rookuitlate, reuke en stofoorlaste voorgekom het. Tans is daar 40 brandstofverbruikende toestelle binne die Stadsraad se regsgebied in bedryf wat op 'n gereelde grondslag besoek word om te sien of die afgekondigde

Rookbeheerregulasies nagekom word al dan nie. Rookbeheerstreeksbevele is van toepassing op al die residensiële areas in die regsgebied van die Stadsraad.

12.6 Reinigingsdienste

Die reinigingsafdeling lewer 'n effektiewe multifunksionele vullisverwyderingsdiens. Benewens die normale huishoudelike-, besigheids- en nywerheids-vullisverwyderingsdiens, word ook 'n tuinafval- en bourommel-verwyderingsdiens teen lae koste gelewer.

a) Metode van Vullisverwydering

Die plastieksakstelsel vir vullisverwydering by huishoudelike persele word met groot sukses toegepas. Geen beperking word op die aantal sakke wat uitgeplaas mag word geplaas nie. Tuinvullis in plastiese-voerings word ook teen geen ekstra koste verwyder. Huishoudelike vullisverwydering vind een maal per week by 12 380 wooneenhede binne 'n regsgebied van 22 000 vierkante hektaar plaas. Vullisverwydering by besighede geskied drie tot vyf keer per week. Goeie vordering is gemaak met die installering van statiese vullisverdigters by sentra waar baie vullis verwek word.

Die reinigingsvloot bestaan uit die volgende:

2 X Meganiese Kompakteerders (Stortingsterreine)
 5 X 19 m3 Mobiele Agterlaaikompakteerders
 1 X 13 m3 Mobiele Agterlaaikompakteerders
 3 X Losbak-vragmotors met 100 x 5,5 m2 houers
 1 X Watertenker
 2 X L.A.W.'s

b) Straatreiniging

Ses en twintig straatveërs is in diens van die Stadsraad ten einde strate skoon te hou. Daar word spesifiek op die sentrale besigheidsgebiede, gedentraliseerde besigheidsentrums, hoof toegangsroetes na die dorp asook die stortingsterreine en omgewing gekonsentreer. Probleemgebiede en besige strate word gereeld skoongemaak en strate in woongebiede word slegs indien nodig skoongemaak.

c) Stortingsterreine

Die dorp word deur drie stortingsterreine bedien, sodanig geplaas dat dit maklik bereikbaar vir inwoners is. Vullis word daagliks gekompakteer en met grond bedek volgens die selmetode. Die hoofstortingsterrein se walle en bodem is met ongeveer 7 meter klei uitgevoer ten einde 'n buffer te vorm om enige probleme met aanliggende steenkoolvelde te voorkom. Onderhandelinge is reeds aan die gang om

'n nuwe langtermyn streek-stortingsterrein in gebruik te neem sodra die huidige terrein versadig en afgewerk is. Die volume afval in totaal per jaar wat op die hoof stortingsterrein mee weggedoen is, is soos volg:

JAAR	1988	1989	1990	1991	1992
VOLUME	189 220 m3	202 223 m3	214 906 m3	224 997 m3	265 629 m3

12.7 Welsyns- en diensorganisasies

Verskeie welsyns- en diensorganisasies bestaan in Witbank:

- * Christelike Maatskaplike Raad
- * Kinder- en Gesinsorgvereniging
- * Kreupelsorgvereniging
- * Kankervereniging
- * Alkoholiste Anoniem
- * SANTA
- * SANRA
- * Rooikruisvereniging
- * Rotariërklub
- * MOTHS
- * Heilsleër
- * Round Table
- * Junior Rapportryers
- * Jong Dames Dinamiek
- * Dierebeskermingsvereniging
- * Fotografiese Klub
- * Natuurlewevereniging
- * Jagters en Wildbewaringsvereniging

13. OPVOEDKUNDIG

13.1 Universiteit

Witbank beskik oor 'n satellietkampus van die Universiteit van Pretoria wat die hele Oos-Transvaal bedien.

Die Universiteit van Pretoria het op 2 Februarie 1989 die Sentrum vir na-uurse onderrig in Oos-Transvaal geopen met vakke wat aangebied was in die Studierigtings BA, B-ED en BCOM. Die studente-tal in 1989 was 307 studente, maar mettertyd het hierdie getal gegroei tot dat daar 416 studente geregistreer het in 1993. Sedert die opening van die sentrum is daar inderwaarheid ook al 112 grade toegeken.

Die sentrum het alreeds baanbrekerswerk gedoen met die oog op die gebruik van die elektroniese kommunikasie-media om onderrig te hanteer. Eksperimente wat gedoen was waar onderrig vanuit Pretoria deur middel van telefoonverbinding na Witbank versend is, het 'n nuwe dimensie geopen vir toekomstige onderrigmodelle.

13.2 Technikon

Die dorp beskik oor 'n satellietkampus van die Technikon, Pretoria. Tans is daar 300 geregistreerde studente wat sewe kursusse volg. Vir 1994 word verwag dat ongeveer 650 studente sal inskryf vir 13 voltydse kursusse.

13.3 Kolleges

Daar is ook 'n Tegniese Kollege, met ongeveer 1200 geregistreerde studente per trimester en ongeveer 40 kursusse. 'n Steenkoolmynopleidingskollege met 600 vakleerlinge en leerlingmyners word deur die mynmaatskappye rondom Witbank bedryf.

13.4 Hoërskole

Agt hoërskole met 'n totaal van ongeveer 5200 leerlinge, naamlik W.H. de Klerk, Witbank High, Hoër Tegniese Skool, Reyno Park, Patriot, Greendale, Hertzog en St. Thomas Aquinas is in Witbank gevestig.

13.5 Laerskole

Dertien laerskole, met 'n totaal van ongeveer 7000 leerlinge, naamlik Clewer, Delridge, Duvhapark, Klipfontein, Kragbron, Panorama, Reyno Rif, Robbert Carruthers, Taalfees, Tasbetpark, Witbank Laerskool, Witbank Indian School en St. Thomas Aquinas is in Witbank gevestig.

13.6 Kleuterskole

Tien kleuterskole, met ongeveer 1293 kleuters kom in Witbank voor:

- * SAVF Witbank Dagversorging
- * Carissa (Transvaal Onderwysdepartement)
- * Duvhapark
- * Haas Das Kleuterskool
- * Kiele Krankie (Transvaal Onderwysdepartement)
- * Klein Duimpie Kleuterskool
- * Kraaines Bewaarskool
- * Liewe Heksie Kleuter-Cum-Bewaarskool
- * Tiny Tots Nursery School
- * Saggeus Bewaarskool

13.7 Opleidingsentrums

Privaatsentrums vir ondermeer opleiding ten opsigte van rekenaars, sowel as 'n geletterdheidsentrum bestaan. Verskeie groot nywerhede rondom Witbank beskik oor eie opleidingsentrums.

Die volgende opleiding word ook in Witbank gegee:

- 13.7.1 Geletterdheid
- 13.7.2 Nywerheid
- 13.7.3 Vliegopleiding
- 13.7.4 Valskernopleiding
- 13.7.5 Balletskool
- 13.7.6 Motor- en fietsopleiding
- 13.7.7 Modelskool
- 13.7.8 Rekenaaropleiding (3 instansies)

14. KULTUREEL

14.1 Biblioteke

Witbank beskik oor 'n goed toegeruste hoofbiblioteek en twee takbiblioteke wat 'n inligtingsdiens aan die gemeenskap lewer. Die boekevoorraad dek 'n wye veld van onderwerpe en ontspanningsleesstof. Die gesamentlike voorraad van al die biblioteke is 35 635 munisipale boeke, 52 798 provinsiale boeke, 790 plate en 77 kunsafdrukke. Die biblioteek ontvang ook 22 tydskrifte en 7 koerante op 'n gereelde basis. Die hoofbiblioteek word deur die Provinsiale Biblioteekdiens as 'n standaard biblioteek gegradeer. Benewens boeke, plate, kunsafdrukke, tydskrifte en koerante, lewer die biblioteek ook 'n verskeidenheid ander ondersteuningsdienste, byvoorbeeld 'n reprografiese diens, 'n knipseldiens, 'n diens aan die ouetehuse en 'n goeie naslaan- en gemeenskapsinligtingsdiens. Die uitreikingsyfer van boeke vir die verskillende dienspunte vir die 1991/92-begrotingsjaar, was soos volg:

Hoofbiblioteek	168 736
Klipfontein	68 615
Clewer	<u>9 447</u>
Totaal	246 798

14.2 Museums

Geen formele museum bestaan tans in Witbank nie. 'n Tema vir 'n opelugmuseum is wel deur die Provinsiale Administrasie toegeken, naamlik "Mynbou en Nywerheid".

14.3 Kunsgalerye

Die behoefte aan 'n kunsgalery word tans bevredig deur van tyd tot tyd uitstallings in een van die lokale van die Kultuursentrum, aan te bied.

14.4 Stadskore

Witbank beskik tans oor 'n goed georganiseerde Stadskoor. Die Witbank Stadskoor, onder leiding van Marie Conradie, tree gereeld by verskeie sale en kerke op en beskik oor 'n groot en wye repertoire. Hierdie koor is ook by die Transvaalse Koorraad geaffilieer en neem jaarliks aan laasgenoemde Raad se koorfeeste asook dié van die Anton Hartman-koorfees deel. Die Witbank Stadskoor vier hierdie jaar, 1993, sy tiende bestaansjaar.

14.5 Toneelverenigings

Die Witbankse Afrikaanse Toneelspelersvereniging (WATS) is 'n amateur organisasie wat die afgelope 25 jaar gereeld met sukses aan die A.T.K.V. toneelkompetisies deelgeneem het. Lede van die Vereniging neem ook gereeld aan toneelaanbiedinge, met beroepspelers, van die Witbank Stadsteatervereniging deel.

14.6 Die Witbankse Kultuursentrum

Hierdie sentrum, enig in sy soort in die R.S.A., bestaan uit 'n Banketsaal, Stadsaal, Teater en ander fasiliteite soos, repitisielokaal, kleedkamers, ruskamers, dienskombuise, en andere. Hierdie sentrum word deur 'n maatskappy ingevolge artikel 21 van die Maatskappyyewet bedryf, (met ander woorde nie-winsgewend). Die uiters gesofistikeerde toerusting van die sentrum stel Witbank in staat om beroepsgeselskappe, waarby ingesluit, toneel, opera, musiek, en danse te ontvang. Benevens die besoekende geselskappe bied die Kultuursentrum ook beroepstoneel en poppekasaanbiedinge self aan en bedien sodoende die streek met die uitvoerende kunste.

Menige streekliggame soos die T.O.D. (Streek), V.O.S.P.O., Suid-Afrikaanse Mynbou en Metallurgie, en andere maak gereeld van die sentrum gebruik waartydens die gemeenskap van die streek bedien word.

Die Witbank Kultuursentrum is gevestig as 'n kultuurtuiste vir die Oos-Transvaal.

14.7 Ander kultuurinstellings

(a) S.O.T.S.K.V.

Die Suidoos-Transvaalse Skolekunsvereniging wat in Witbank gesetel is bied jaarliks 'n omvangryke kunsfees aan waartydens vokale, drama, danse, instrumentale, skryfkuns en beeldende kunste dissiplines aangebied word met deelname vanuit die streek.

(b) Concordia musiekensemble

Hierdie plaaslike musiekensemble gee gereeld kamermusiekuitvoerings in kerke en die Witbank Kultuursentrum. Hierdie ensemble, onder leiding van Marie Conradie, begelei soms ook die Witbank Stadskoor in uitvoerings van cantates en misse.

15. ONTSPANNING

Witbank beskik oor uitstekende sport- en ontspanningsgeriewe. Die Johann van Riebeeckstadion, wat die hoofkwartier van die Suid-Oos Transvaalse Rugby Unie huisves, is in Witbank geleë.

Daar is 'n ontspanningsoord by Witbankdam, waar karavaanparke, oornagteriewe, 'n verskeidenheid ontspanningsfasiliteite en hengel- en bootgeriewe beskikbaar is.

15.1 Formele Ontspanning

Die volgende geriewe van goeie gehalte is by die Johann van Riebeeckstadion beskikbaar. Verskeie sportsoorte word bedien deur uitstekende fasiliteite met spreiligte:

- * 3 Rugbyvelde, paviljoene, saal asook hoofkantoor van Suid-Oos Transvaal Rugby unie.
- * 16 Tennisbane, klubhuis.
- * 1 Posduifklub en klubhuis.
- * 1 Sokkerveld, paviljoen, kleedkamer.
- * 2 Hokkievelde, klubhuis en fasiliteite.
- * 3 Krieketbane, klubhuis en fasiliteite.
- * 6 Korfbalbane, klubhuis en fasiliteite.
- * 4 Jukskeibane.
- * 2 Swembaddens en fasiliteite.

15.2 Informele Ontspanning

Rekreasieprogramme word op gereelde basis met klem op vakansies aangebied. Die Stadsraad beskik oor 3 personeellede wat hierdie funksie uitvoer:

Witbank Ontspanningsoord :

Fasiliteite is:

15.2.1 *1 x 9 putjie putt-putt-baan.

*2 Tennisbane.

*1 Waterglybaan.

*2 Swembaddens.

*1 Plaspoel.

*2 Speelparke.

*Miniatuur stoomtreintjies.

*Rolskaatsbaan.

*Groot skaakbord met speelstukke.

*3 dagbesoekers-terreine met braaiers
drinkwater en toiletgeriewe.

*2 bootinlaat-areas.

*3 Woonwaparke met ablusiegeriewe.

15.2.2 Munisipale swembad
 1 Swembad
 1 Speletjieskamer
 Verkleegeriewe
 Speelapparaat

15.2.3 Natuurresewaat
 3 Voëluutkykpunte
 1 Jeugkamp
 2 Wandelroetes
 Verskeidenheid wildsoorte
 Wildbewaarder en personeel
 Natuurlewevereniging.

15.3 Sportklubs

Die volgende Sportklubs is in Witbank gevestig:

- * Suid-Oos Skeidsregtersvereniging
- * Suid-Oos Transvaal Rugby Unie
- * Elektra Park Klub (Eskom)
- * Ferrometals Sportklub
- * Ferrometals Rugby Klub
- * Korrektiewe Dienste Klub
- * Highveld Klub
- * Douglas Sportklub
- * Highveld Perdry Vereniging
- * Highveld Motor Sport Club
- * Valskernklub
- * Gholffklub
- * Munisipale Sportklub
- * Witbank Klub
- * Moths Klub
- * Coaldust Roadrunners
- * Witbank Vliegklub
- * Witbank Hengelklub

- * Witbank Pistoolskietklub
- * Posduifklub
- * Witbank Krieketklub
- * Witbank Hokkieklub

16. LANDBOU

'n Tak van die Oos-Transvaalse Koöperasie is in Witbank geleë en 'n abattoir wat die streek bedien word deur Abakor bedryf. Veeveilings vind gereeld lāngs die abattoir plaas. (Sien asseblief punt 11.9).

Veeslagtingsyfers = 5 250 beeseenhede per maand (1 bees = 6 skape = 2 varke). Kanhym boerderye is 'n belangrike produsent van vee wat hier vir slagting aangebied word.

In die omgewing van die abattoir is daar ook 'n groothandel vleishandelaar.

Ander landboupprodukte is mielies, boontjies, sonneblomme en suiwel soos reeds vermeld by paragraaf 11.4.

17. MYNBOU

Die gebied is geweldig ryk aan delfstowwe. Steenkool is die belangrikste delfstof wat tans ontgin en verwerk word. (Sien asseblief paragraaf 11.3).

18. MINERAALONTGINNING EN -VERWERKING

(a) Vanadium - Titaanhoudende ystererts.

Ystererts word in die Oos-Transvaalstreek ontgin en 'n groot verwerkingsaanleg naamlik Highveld Steel and Vanadium Corporation, Ferrometals, Transalloys en Rand Carbide is in Witbank geleë.

(b) Konstruksiemateriaal

Sand, aggremaat en klip word by verskeie groewe in die gebied ontgin.

(c) Steenmakerye

Vyf steenmakerye kom in die omgewing voor.

(d) Minerale

Sink, kobalt, molybdenum en tin kom ook voor.

19. KOMMUNIKASIE/VERBINDINGE

19.1 Gereelde Lugdienste

Een privaat lugredery, Glen Air, is in Witbank by die vliegveld gevestig.

19.2 Padverbindings

Die volgende verkeersroetes kom voor :

- a) die N4-deurpad vanaf Pretoria na Nelspruit
- b) die N12-deurpad vanaf Johannesburg wat verder met die N4 na Nelspruit loop.

Sekondere paaie na Verena, Bethal, Hendrina en Delmas. 'n Goeie netwerk streekpaaie kom voor veral ten suide van die Witbank-Middelburggebied. Die dorp is geleë op die hoofroete na Maputo, Mosambiek.

19.3 Spoorverbindings

Die geëlektrifiseerde spoorlyn vanaf die PWV na Maputo loop deur Witbank, terwyl die Broodsniersplaas/Richardsbaaispoorlyn se beginpunt by Witbank is.

19.4 Posdienste

Die S.A. Poskantoor Beperk se areaposkantoor, waaronder 47 poskantore resorteer, vanaf Breyten tot Penge in die Laeveld, is in Witbank gevestig.

19.5 Telekommunikasiedienste

Telkom is 'n vlak 1 kommersiële-kantoor, die grootste Telkom-opset in die Hoëveld/Laeveld-area beheergebied. Die kantoor bedien die landdrosdistrik van Witbank. 5 Sentrales bedien 38 200 dienspunte.

20. TOERISME20.1 Natuurreservaat

'n Goed ontwikkelde natuurreservaat vorm deel van die Witbankdam Ontspanningsoord. Die Natuurreservaat se oppervlakte is ongeveer 980 hektaar wat met wildomheining omhein is. 'n Staproete is in die reservaat geleë.

Die volgende diere met getalle is in die reservaat gevestig:

- * 19 Springbokke.
- * 19 Zebras.
- * 35 Blesbokke.
- * 5 Rooihartbeeste.
- * 4 Rooiribbokke.
- * 4 Duikers.
- * 5 Koedoes.
- * 7 Elande.
- * 8 Swart Wildebeeste.
- * 12 Steenbokke.
- * Jakkalse.

Voëls

- * 5 Volstruise
- * Ongeveer 130 voëlspesies.

Witbank Natuurreservaat bied ook die volgende fasiliteite vir dag- en oornagbesoekers, naamlik:

Opleidingsentrum

- * Kombuis
- * Ablusiegeriewe
- * Lesinglokaal
- * Slaapkwartiere (ongeveer 20 persone)
- * Kiepersolwandelpad: 4 kilometer
- * 2 Uitkykpunte
- * 2 Lapas vir piekniek-doeleindes
- * 2 Toilette
- * Drinkwater is ook beskikbaar by die twee piekniek-areas in die natuurreserveaat.

20.2 Woonwaparke.

Moderne woonwageriewe is by die Ontspanningsoord beskikbaar met swembad, glybaan en ander vermaaklikheidsgeriewe.

- * 25 Goed-toegeruste chalets
- * Woonwaparknommer 1
 - 1 Ablusiebok (mans en dames) met strykgeriewe.
 - 30 Staanplekke met kragpunte en drinkwater.
- * Woonwaparknommer 2
 - 4 Ablusieblokke met was- en strykgeriewe.
 - 164 Staanplekke met kragpunte, drinkwater en braaiers (deel).

* Woonwaparknommer 3

1 Ablusieblok (mans en dames).

50 Staanplekke met kragpunte en drinkwater.

* Hengelgeriewe

Tentstaanplekke sonder kragpunte. Drinkwater en ablusiegeriewe binne loopafstand.

20.3 Hotelle.

Een gelisensieerde hotel, wat oor 'n driestergrade-ring beskik, sowel as 'n ongelisensieerde hotel, kom in die dorp voor.

20.4 Inligtingsburo's.

'n Inligtingsburo word in samewerking met die Witbank Kamer van Koophandel en Nywerhede bedryf. Benewens inligting aangaande Witbank word ook streeksinligting aan belangstellendes en toeriste verstrekk.

20.5 Skoue.

Die "Vat 5-fees" word jaarliks in die Hoëveldstreek aangebied en het ten doel om welwillendheid en onderlinge betrokkenheid te bevorder sowel as die belange van entrepreneurs en die algemene publiek.

Die feesprogram wat Witbank aanbied strek oor drie dae en behels volledige programme ten opsigte van rekreasie, uitstallings en vermaaklikheid.

Kleinsake streekskou word jaarliks in Kultuursentrum gehou sowel as T.O.D. en ATKV/ATKB toneel, koor en ander kompetisies.

21. DIE HISTORIESE VERBINTENISSE, AANTAL BESTAANSJARE EN GEOGRAFIESE BELANGRIKHEID VAN DIE DORP

Die spoorlyn tussen Pretoria en Delagoabaai is in 1894 voltooi. Dit het die ontginning van steenkool in die omgewing van die huidige Witbank ekonomies gemaak en steenkoolmyne is in die gebied geopen.

Mnr. Jacob Taljaard was die eienaar van die plaas Leraatsfontein. Die plaas is aan mnr. S. Stanford verkoop, wat begin het om steenkool op die plaas te ontgin. Die naam "Witbank" is aan die plaas gegee, as gevolg van die aanwesigheid van 'n dagsoom wit sandsteen.

Witbank het later nog drie verdere eienaars gehad, voordat die steenkoolmyn deur die Corner House-groep oorgeneem is. Die myn het destyds bekend gestaan as "Witbank Colliery".

Samuel Stanford het in 1903 'n gebou van sink en hout opgerig, wat as hotel en winkel gebruik is. Die gebou was noord van die myn. Vir nagmaaldienste het die boere van die omgewing 'n skuur gebruik, wat ook deur Samuel Stanford opgerig is. 'n Dorpie het om hierdie gebou ontstaan. In 1903 besluit Witbank Colliery om 'n dorp te stig, naamlik die oorspronklike Witbank dorpsgebied. Die myndorp was tot in 1906 onder die bestuur van Witbank Colliery.

Vanaf 1907 tot 1911 is 'n bank, slaghuis, bakkery en hospitaal in Witbank opgerig. In 1918 is die Stanfords winkel en die oorspronklike Carlton Hotel opgerig. Verskeie besighede, asook 'n poskantoor en polisiepos was reeds op hierdie stadium in Witbank gevestig.

Witbank het aanvanklik stadig gegroei, hoofsaaklik as gevolg van 'n gebrek aan water en in 1914 word 'n dam in Klipfontein gebou. Die projek was egter nie baie geslaagd nie en 'n tekort aan water is ondervind tot in 1926, toe besluit is om 'n kragstasie op te rig en die Doornpoortdam gebou is.

In 1926 vestig Rand Carbide in Witbank, in 1938 S.A. Cyanamid, in 1948 Witbank Engineering, en in 1948 Dunn's Engineering.

Die Witbankdam word in 1954 voltooi en in 1972 word die damwal verhoog. 'n Hele reeks nywerhede vestig in Witbank waarvan die belangrikste ongetwyfeld Highveld Steel en Vanadium Corporation (1966) was. Sedertdien groei die dorp teen 'n vinnige tempo. In 1985 word die Blanke bevolking op ongeveer 43 000 gestel.

22. DIE BESTAAN VAN WEERMAGSEENHEDE

Die Witbank Kommando bedien die hele Witbank land-drosdistrik. Die kommando se verantwoordelikheid is onder andere om die nasionale sleutelpunte te beskerm en speel tans 'n belangrike rol ter ondersteuning van die S.A. Polisie.

23. GODSDIENSTIGE BELANGRIKHEID VAN DIE DORP

Al die bekende kerke is in Witbank gevestig en verskeie Christelike byeenkomste word op 'n gereelde grondslag aangebied.

'n Mohammedaanse-moskee en Hindoe-tempel is in die Indiër woongebied, Pine Ridge, opgerig.

24. DIE MOONTLIKHEID VAN VERDERE GROEI

Witbank is sodanig geleë dat dit 'n suigkrag kan uitoefen wat betref die wegtrek van aktiwiteite vanaf die PWV-gebied en ook kan dien as opvang wat betref migrante uit veral die Oos-Transvaal. Die gebied behoort dus te ontwikkel in 'n belangrike stedelike kompleks wat vër genoeg vanaf die PWV-gebied geleë is ten einde 'n deel van die konsentrasie van aktiwiteite en bevolking in daardie gebied te absorbeer, maar aan die ander kant, ook naby genoeg om gemaklike interaksie tussen die twee gebiede te verseker. Die dorp sal dan ook kan dien as kernstad wat die bediening van die omliggende landelike gebied betref, en wat die "verkeer" tussen inwoners van die landelike gebied en die PWV-gebied kan laat afplat as gevolg van die groter bemerkingsmoontlikhede wat betref produkte vanuit die streek, asook die verbetering in die voorsiening van verbruikersgoedere aan die ander kant.

Witbank het beslis die potensiaal en die vermoë om bevolkingsgetalle en ekonomiese aktiwiteite te trek wat mettertyd met die groot metropole vergelykbaar sal wees. Die ligging van die gebied teenoor die metropole aan die een kant en die landelike bedieningsgebied, asook die beskikbaarheid van grondstowwe, maak dit ideaal vir verdere ontwikkeling. Daar is reeds bewys dat die bevolkingsgetalle oor die afgelope aantal jare aansienlik gegroei het, en as die relatiewe lae werkloosheidsyfer in aanmerking geneem word, is dit 'n aanduiding dat ekonomiese aktiwiteite ook dienooreenkomstig toegeneem het.

25. TOT WATTER MATE AAN WETTE, ORDONNANSIES EN ANDER
VOORSKRIFTE VOLDOEN WORD

Die Stadsraad van Witbank beskik tans oor 'n regsafdeling. Die byhou, nakoming en implementering van wette, ordinansies, regulasies en verordeninge word streng uitgevoer onder toesig van die regsafdeling. 'n Professionele benadering tot regswerk word gevolg en vooraf beplanning vir implementering en identifisering van probleem-areas vind gereeld plaas.

Die Stadsraad maak ook van verskillende prokureursfirmas gebruik na gelang van sy regskundige behoeftes.

26. BESKIKBAARHEID EN VERSPREIDING VAN INLIGTING :

Nuusitems en ander inligting word deur die raad se skakelbeampste voorberei vir verspreiding en gekeur vir verspreiding aan die gekose media, naamlik televisie, radio, tydskrifte, nasionale pers, plaaslike pers en munisipale nuusbrief.

26.1 Televisie

Die teateraanbiedinge van die Stadsraad geniet wel publisiteit, maar as gevolg van die hoë kostes daaraan verbonde, kan dit ongelukkig nie as advertensie-medium gebruik word nie.

Nuuswaardighede ten opsigte van Witbank en omgewing is reeds by verskeie geleenthede op die onderskeie televisiekanale aangebied.

26.2 Radio

Die Streekradiostasie, Radio Jakaranda, saai gereeld nuusberigte ten opsigte van Witbank uit.

26.3 Tydskrifte

Witbank word wyd as toeristedorp deur middel van toeriste-tydskrifte geadverteer.

26.4 Dagblaaie

Twee weekblaaie, die Witbank Nuus en Highveld Advertiser, word in die gebied versprei.

Bylaes oor Witbank het reeds in verskeie nuusblaaie
verskyn.

27. DIE POSISIE IN NASIONALE HIËRARGIE VAN DORPE EN STEDE
BUTE METROPOLITAANSE GEBIEDE SOOS VERVAT IN DIE N.F.O.,
1975, SOOS VAN TYD TOT TYD HERSIEN

Ingevolge die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan van 1975 was die Witbank/Middelburggebied as die enigste groeipool in Streek F aangewys. Daar is dus hiermee erkenning verleen aan die feit dat hierdie semi-metropolitaanse gebied reeds oor die fisiese en sosio-maatskaplike infrastruktuur beskik het om uit inherente krag te groei.

Dit vervul 'n baie belangrike streekfunksie en bedien dorpe soos Marble Hall, Groblersdal, Dullstroom, Belfast, Machadadorp, Watervalboven, Hendrina en die talle myn- en kragstasiedorpie in die streek.

Sedert 1975 het die ontwikkeling wat in hierdie gebied plaasgevind het, onteenseglik bewys dat die aanwysing daarvan as enigste groeipool in Streek F korrek was. Dit is egter ook 'n feit dat nywerheidsvestiging in die groeipool sedert die Goeie Hoopberaad in 1982 drasties afgeneem het weens die toekenning van desentralisasie-voordele aan die 58 N.O.P.'s.

Die ligging van die Groeipool in Verhouding tot die P.W.V.-gebied

Dit is geleë aan die oostelike grens van die P.W.V.-gebied en bereikbaar binne een uur per motor. Daar is dus 'n onbeperkte moontlikheid van wisselwerking tussen die voorgestelde perifere ontwikkelingspunt en die P.W.V.-gebied. Nyweraars het maklike skakeling met mekaar terwyl aflewering van materiaal en vervaardigde goedere besonder koste-effektief en maklik is.

Die Richardsbaai-hawe

Hierdie hawe word tans hoofsaaklik vir die uitvoer van steenkool vanaf die Oos-Transvaal gebruik maar sal in die toekoms ook 'n gerieflike uitvoerhawe vir vervaardigde goedere wees. Daarby word baie van die ingevoerde goedere deur hierdie hawe na die Oos-Transvaal gekanaliseer.

Die Maputo-hawe

Alle aanduidings is dat ook hiërdie hawe binnekort opgeknap en gemoderniseer sal word. Indien dit wel gebeur, sal dit 'n poort na die ooste skep waardeur 'n groot deel van die Republiek se uitvoere versend kan word.

28. WITBANK STREEKABATTOIR

Witbank beskik oor 'n A-graad, klas 2-streekabattoir met 'n slagkapasiteit van 250 beeseenhede per dag. Ruim onderdak, meerdoelige kraalruimtes asook ruim verkoelingsgeriewe en verkoelde uitlaai-areas maak deel uit van die abattoir. Die abattoir bedien Witbank, Middelburg, Ogies, Balmoral en omgewing. (Sien asseblief paragrawe 11.9 en 16).

B.

KRITERIA

1. GRADERING

Groep 10 Stadsraad.

2. TOTALE BEVOLKING IN REGSGEBIED

(uitgesluit ander outonome plaaslike owerhede).

Inwoners

Die totale bevolking van die inwoners binne die munisipale gebied van Witbank word soos volg beraam:

Blankes	51 573
Kleurlinge	4 131
Asiate	3 728

3. INVLOEI VAN WERKERS

Die daaglikse invloei van werkers vind hoofsaaklik vanaf die aangrensende dorp, Kwagucq met 'n bevolking van ongeveer 160 000 inwoners plaas.

4. MUNISIPALE WAARDASIE

Grond	: R232 578 760
Verbeterings	: <u>R826 282 800</u>
TOTAAL	:R1 058 861 560

NIE BELASBAAR :

Grond	:R106 090 300
Verbeterings	: <u>R117 506 018</u>
TOTAAL	:R223 536 318

5. **BEDRYFSUITGAWE (1991/1992)**

R105 248 200

6. **KAPITAAL UITGAWE (1991/1992)**

R19 831 432

7. **AANTAL ERWE (geproklameerd) (Alle Gebruike)**

17 018.

8. **AANTAL NYWERHEDE**

276 Benutte geproklameerde nywerheidserwe binne munisi-
pale gebied.

9. **JAARLIKSE ELEKTRISITEITSVERBRUIK kWh (1991/92)**

333 807 589 kWh

10. **JAARLIKSE TOTALE WATERVERBRUIK Ml (1991/92)**

25 306 Ml

11. **REGERINGS EN/OF PROVINSIALE KANTORE**

11.1 Die volgende regeringskantore, wat streekkantore
is, kom in Witbank voor, naamlik:

Departement van Binnelandse Sake

Departement van Mannekrag

Transvaalse Provinsiale Administrasie : Tak

Gemeenskapsontwikkeling

Departement van Mineraal en Energiesake

11.2 Die volgende regeringskantore, wat takkantore is, is in Witbank gevestig, naamlik:

Onderwys hulpsentrum
 Departement Gesondheidsdienste en Welsyn
 Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling
 Departement van Onderwys en Opleiding
 Ontvanger van Inkomste
 Suid-Afrikaanse Bloedoortappingsdiens

12. LUGHAWENS

'n Goed toegeruste gelisensieerde vliegveld met 'n vliegklub en twee opleidingsinstellings bestaan.

Daar bestaan 'n vliegveld, 5km buite Witbank geleë.

- * Oppervlakte 105 hektaar.
- * Twee aanloopbane.
- * Teeraanloopbaan 1,25 km in lengte en 45 meter wyd geregistreer as grasaanloopbaan.
- * Grasaanloopbaan 1.5 km in lengte en 45 meter wyd.
- * Vliegveld gelisensieër vir dagvlugte.
- * Een eindpuntgebou/beheertoring, word net naweke benut.
- * Aantal vlugte : 3686 per jaar.
- * Aantal passasiers : 1144 per jaar.
- * Aantal lugvaartuie gehuisves : 25 vliegtuie.
- * Een privaat lugredery, gevestig.
- * Vorm belangrike deel van Witbank en omgewing se burgerlike beskermingsplan. Departement van Vervoerdienste het reeds 'n V.O.R. - baken by die lughawe opgerig.
- * Privaat koerierdiens.

13. SETEL S.D.R.

Die Hoëveldse Streeksdiensteraad is in Middelburg gevestig, maar Witbank lewer belangrike insette tot die funksionering van die SDR. Die stemkrag van Witbank bedra 30 % van die totale stemkrag.

14. ONDERWYSINRICHTINGS

14.1 Universiteit

Witbank beskik oor 'n satellietkampus van die Universiteit van Pretoria wat die hele Oos-Transvaal bedien.

Die Universiteit van Pretoria het op 2 Februarie 1989 die Sentrum vir na-uurse onderrig in Oos-Transvaal geopen met vakke wat aangebied was in die Studierigtings BA, B-ED en BCOM. Die studente-tal in 1989 was 307 studente, maar mettertyd het hierdie getal gegroei tot dat daar 416 studente geregistreer het in 1993. Sedert die opening van die sentrum is daar inderwaarheid ook al 112 grade toegeken.

Die sentrum het alreeds baanbrekerswerk gedoen met die oog op die gebruik van die elektroniese kommunikasiemedie om onderrig te hanteer. Eksperimente wat gedoen was waar onderrig vanuit Pretoria deur middel van telefoonverbindinge na Witbank versend is, het 'n nuwe dimensie geopen vir toekomstige onderrigmodelle.

14.2 Technikon

Die dorp beskik oor 'n satellietkampus van die Technikon, Pretoria. Tans is daar 300 geregistreerde studente wat sewe kursusse volg. Vir 1994 word verwag dat 1200 studente sal inskryf vir 14 voltydse kursusse.

Witbank beskik verder oor 'n satellietkampus van die Technikon Pretoria, asook 'n Tegniese Kollege en 'n Steenkoolmynopleidingskollege.

14.3 Kolleges

Daar is ook 'n Tegniese Kollege, met ongeveer 1200 geregistreerde studente per trimester en ongeveer 40 kursusse. 'n Steenkoolmynopleidingskollege met 600 vakleerlinge en leerlingmyners word deur die mynmaatskappye rondom Witbank bedryf.

14.4 Hoërskole

Agt hoërskole met 'n totaal van ongeveer 5200 leerlinge, naamlik W.H. de Klerk, Witbank High, Hoër Tegniese Skool, Reyno Park, Patriot, Greendale, Hertzog en St. Thomas Aquinas is in Witbank gevestig.

14.5 Laerskole

Dertien laerskole, met 'n totaal van ongeveer 7000 leerlinge, naamlik Clewer, Delridge, Duvhapark, Klipfontein, Kragbron, Panorama, Reyno Rif, Robbert Carruthers, Taalfees, Tasbetpark, Witbank Laerskool, Witbank Indian School en St. Thomas Aquinas is in Witbank gevestig.

14.6 Kleuterskole

Tien kleuterskole, met ongeveer 1293 kleuters kom in Witbank voor:

- * SAVF Witbank Dagversorging
- * Carissa (Transvaal Onderwysdepartement)
- * Duvhapark
- * Haas Das Kleuterskool
- * Kiele Krankie (Transvaal Onderwysdepartement)
- * Klein Duimpie Kleuterskool
- * Kraaines Bewaarskool
- * Liewe Heksie Kleuter-Cum-Bewaarskool
- * Tiny Tots Nursery School
- * Saggeus Bewaarskool

14.7 Opleidingsentrums

Privaatsentrums vir ondermeer opleiding ten opsigte van rekenaars, sowel as 'n geletterdheidsentrum bestaan. Verskeie groot nywerhede rondom Witbank beskik oor eie opleidingsentrums. Die volgende opleiding word ook in Witbank gegee:

- 14.7.1 Geletterdheid
- 14.7.2 Nywerheid
- 14.7.3 Vliegopleiding
- 14.7.4 Valskernopleiding
- 14.7.5 Balletskool
- 14.7.6 Motor- en fietsopleiding
- 14.7.7 Modelskool
- 14.7.8 Rekenaaropleiding (3 instansies)

15. **STREEKSUITSAALSTASIE TV**

Geen.

16. **STREEKSUITSAALSTASIE RADIO**

Witbank val in die Radio Jakaranda uitsaaigebied.

17. **NASIONALE VARSPRODUKTEMARK**

'n Nasionale Varsproduktemark is in Witbank geleë.

18. **WEERMAG**

Die Witbank Kommando bedien die hele Witbank Landdros-distrik.

19. **LUGMAGBASTIS**

Geen.

20. **ANDER WEERMAGEENHEDE**

Geen.

21. **STADSTEATERS**Die Witbankse Kultuursentrum

Hierdie sentrum, enig in sy soort in die R.S.A.," bestaan uit 'n Banketsaal, Stadsaal, Teater en ander fasiliteite soos, repitisielokaal, kleedkamers, ruskamers, dienskom-buise, en andere. Hierdie sentrum word deur 'n maatskappy ingevolge Artikel 21 van die Maatskappywet, met ander woorde nie-winsgewend, bedryf. Die uiters gesofistikeerde toerusting van die sentrum stel Witbank in staat om beroepsgeselskappe, waarby ingesluit, toneel, opera, musiek, en danse te ontvang. Benewens die besoekende geselskappe bied die Kultuursentrum ook beroepstoneel en poppekas-aanbiedinge self aan en bedien sodoende die streek met die uitvoerende kunste.

Menige streekliggame soos die T.O.D. (Streek), V.O.S.P.O., Suid-Afrikaanse Mynbou en Metallurgie, en andere maak gereeld van die sentrum gebruik waartydens die gemeenskap van die streek bedien word.

Die Witbank Kultuursentrum is as 'n kultuurtuiste vir die Oos-Transvaal gevestig.

22. **SPORT STREEKSHOOFKWARTIERE**Sportklubs

Die volgende Sportsoorte het provinsiale kantore in Witbank:

- * Suid-Oos Transvaal Rugby Unie
- * Hengel
- * Korfbal
- * Tennis
- * Muurbal
- * Krieket
- * Tafeltennis
- * Vlugbal
- * Pluimbal
- * Rolbal
- * Gholf
- * Hokkie
- * Veerpyltjies
- * Snoeker
- * Boogskiet
- * Toutrek
- * Padwedlope
- * Jukskei
- * Vryval (Valskerm)

23. **PRIVAAT PROFESSIONELE DIENSTE**

Verskeie spesialiste, algemene praktisyns, argitekte, ingenieurs, landmeters, stadsbeplanners, rekenmeesters, ensovoorts is in Witbank gevestig (sien faktore).

24. **STREEKSHOSPITAAL**

Die Witbankse Hospitaal is onlangs opgegradeer en uitgebrei deurdat nuwe teaters, 'n kraameenheid, ongevalle en buitepasiënt-fasiliteite gebou is.

Die breë gemeenskap van Witbank, sowel as die aangrensende dorp, Kwaguqa, word deur dié hospitaal bedien. 'n Helistop is opgerig ten einde voorsiening te maak vir die vinnige vervoer van erg-beseerde pasiënte.

'n Privaat hospitaal in die dorp beskik oor 100 beddens. 'n Teringshospitaal met 100 beddens, is binne die munisipale gebied van Witbank deur SANTA gevestig.

grootsta.rdb

(alg)